

Mev Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys



Mnr Enver Surty, Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr Enver Surty.

Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan-van-Aksie en moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek.

Al die aktiwiteite in die werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat die leerders dit gaan geniet om deur die boeke te werk terwyl hulle leer en groei en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.





Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 5 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1- 920458-61-4

THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 5 Boek 1

ISBN 978-1-920458-61-4



Graad 5

Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 1
Kwartaal 1 & 2



VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

Gelykheid

Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.



Menswaardigheid

Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.



Lewe

Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.



Gesin en familie



Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.

Onderwys

Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.



Werk

Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.



Vryheid en sekuriteit



Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op `n vreedsame manier.

Eiendom

Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.



Religie, oortuiging en menings

Respekteer die oortuigings en menings van ander.



Veiligheid



Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.

Burgerskap



Wees `n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.

Vryheid van uitdrukking

Moenie leuens en haat versprei nie.
Moenie ander beledig of krenk nie.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Third edition 2013

ISBN 978-1-920458-61-4

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

This book may not be sold.

Graad 5

Rainbow WORKBOOKS

Huistaal in AFRIKAANS

1 Mense soos ek en jy 2

2 Vertel 'n storie 35

3 Diere 69

4 Sport 103



Hierdie boek behoort aan:

_____

AFRIKAANS

Boek 1

Datum:

Pele – die sokkermal ou

Ons praat

Sokker is een van die populêrste sportsoorte in die wêreld. Hou jy daarvan?

- Wie is jou gunstelingsokkerspeler?
- Waarom is hy of sy jou gunsteling?
- Bewonder jy hom of haar?
- Indien wel, wat is dit wat jou gunstelingspeler doen waarvan jy hou?



Ons lees

"Wanneer ek die Brasiliaanse Volkslied hoor, voel dit asof ek droom. Ek probeer op my spelplan konsentreer, maar heeltyd vra ek myself af: hoe is dit moontlik dat ek hier staan, in Swede, as lid van die Brasiliaanse span, op die punt om vir my land te speel? Dit moet 'n droom wees . . .!"
So praat Pele op 17, toe hy sy eerste wedstryd in die finaal van die Sokkerwêreldbeker sou speel. Wie is hierdie seun? Hoe het hy by die Wêreldbeker uitgekom? Hoe voel hy oor sokker, die spel wat hom beroemd gemaak het?



Pele het in 'n dorpie in Brasilië gewoon. Sy gesin was baie arm. Pele was die soort kind wat gedurig sokker gespeel het toe hy eintlik in die skool moes wees. Hy was gelukkig want sy pa was ook 'n sokkerspeler wat hom geleer het dat dit sleg is vir 'n mens om te rook en te drink.

"Brasiliane is mal oor sokker," sê Pele. "Hulle leer skop die oomblik wanneer hulle kan staan. Hulle leer eers later loop."

Hy het sy eerste sokkerspan, die Kaalvoetouens, gestig toe hy 10 jaar oud was. Hy was 'n uitstekende speler. Op 14-jarige ouderdom het hy vir 'n plaaslike atletiekklub gespeel.

In daardie stadium het hy baie swak op skool gevaar. Hy het te veel aandag aan sy sokkerspel bestee. Hy het selfs een jaar gedruip, en op veertien die skool verlaat om in 'n skoenfabriek te

gaan werk. Toe hy baie ouer was, was hy spyt dat hy die skool verlaat het. Hy het teruggegaan skool toe en selfs universiteit toe gegaan nadat hy al getroud was en 'n kind gehad het.

Toe hy 15 was, het hy vir 'n bekende sokkerspan, Santos, gaan speel. Twee jaar later het hy vir Brasilië uitgedraf in die Sokkerwêreldbeker in Swede. Hy het tien doele geskop in die kampioenskap, wat deur Brasilië gewen is.

Daarna het hy in talle wedstryde gespeel en meer as 1 300 doele aangeteken.

Waarom was Pele so suksesvol? Daar is baie redes. Eerstens is hy baie lief vir sokker. Tweedens het hy die spel op 'n baie slim manier gespeel, en laastens het hy nie net vir homself gespeel nie, maar vir die span.

Pele was nie net 'n groot sokkerspeler nie, hy het ook hard gewerk vir sokkerspelers se regte. Hy het seker gemaak dat hulle hul salaris kry selfs wanneer hulle siek of beseer was.

Ons praat

- Hoe het Pele gevoel toe hy sy eerste wedstryd vir sy land gespeel het?
- Pele het daarin geglo om gesond te lewe. Hoe weet jy dit?
- Pele het ná sy troue teruggegaan skoolbanke toe. Dink jy dit was vir hom maklik, of was dit moeilik? Sê waarom jy so dink.
- Hoekom beskou jy Pele as 'n uitstekende sokkerspeler?



Ons skryf

Verbind die woorde met hul betekenisse. Trek 'n streep van elke woord aan die linkerkant na sy betekenis aan die regterkant.

Konsentreer	betaling
Beroemd	meesterlik
Salaris	finaal
Kampioenskap	bekend
Suksesvol	fokus

Datum:

Gedagtes oor Pele



Ons verstaan

Lees weer Pele se storie en beantwoord dan die volgende vrae in jou klaswerkboek.

- Wie praat in die eerste paragraaf?
- Dink jy Pele was trots daarop om vir Brasilië te speel? Hoe weet jy dit?
- Kinders kruip gewoonlik voor hulle loop. Wat doen kinders in Brasilië volgens Pele?

In die tweede paragraaf van die storie word daar drie vrae gevra. Skryf hulle neer.
Skryf dan die antwoorde op die drie vrae neer.

Waarom was Pele 'n uitstaande sokkerspeler? Skryf drie redes neer.

Ons skryf

Vul die regte woorde in. Gebruik die woorde in die raam hieronder om jou te help.

geglo het	geskiet	speler	Santos	ouderdom	lief was

Pele was 'n wonderlike sokker-_____. Hy het op die _____ van vyftien vir _____gespeel. Hy het tydens sy sokkerloopbaan vele doele _____. Hy was suksesvol omdat hy _____ vir sokker en _____ in spanspel.



Ons skryf

Verbind die sinne aan die linkerkant met die sinne aan die regterkant wat jou meer van dieselfde ding vertel.

Pele het op skool gedruip.	Hy het vir sy land sokker gespeel.
Hy is op 14 uit die skool.	Jy werk hard.
Hy het in 'n skoenfabriek gewerk.	Hy was 14 jaar oud.
Jy sal sukses behaal.	Hy het sy skoolopleiding voltooi toe hy ouer was.
Hy het vir homself sokker gespeel.	Hy het nie geleer nie.

Verbind nou drie van die pare sinne hierbo in een sin. Gebruik van die volgende woorde om dit te doen.

want	toe	as	maar	en

Voorbeeld

Pele was gesond. Pele het nie gerook nie.
Pele was gesond omdat hy nie gerook het nie.



Skryf jou sinne hier:

Ons skryf

Lees hierdie paragraaf. Vul hierdie spinnekopkaart oor sokker in. Vul die oop ruimtes in.

Ek is lief vir sokker. Ek woon so dikwels moontlik wedstryde by. Verskillende spanne dra verskillende spandrag (uniforms). Mense gil en skree vir hul spanne. Hulle ondersteun hul spanne. Party sokkerspelers speel baie goed en teken baie doele aan. Spanne wen wanneer hulle saam speel.





Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

Nog gedagtes oor sokker

Ons lees

Ek is lief vir hierdie spel
Ek geniet dit om te kyk hoe die spelers
Spring asof hulle die lug wil vang
Party hardloop soos die wind
Agter denkbeeldige diewe aan.

Die toeskouers hoe-hoe
Soos uile
Wanneer 'n speler die bal misskop
Hulle skree blou moord
En dreig hom
Met hulle harde stemme.

Wanneer die spelers veg om besit van die bal
Kraak die toeskouers se monde
Soos hulle fluit en raas
As hulle eie span verloor
Word hulle treurig en jaloers
En is bly wanneer die eindfluitjie blaas.



Gedig deur Pattmore Dotiro, Highveld-skool, Harare

Ons verstaan

Kyk na die gedig en beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

1) Is die sokkerspelers vinnig? Watter woorde laat jou so dink?
2) Wat is 'n ander woord vir toeskouers?
3) Hoe voel die toeskouers wanneer die spelers die bal mis skop?
4) Is dit vir hulle belangrik dat hulle span moet wen? Waarom dink jy is dit so?
5) Watter sokkerspan ondersteun jy?
6) Hoe voel jy wanneer hulle 'n wedstryd verloor? Hoekom voel jy so?



Ons skryf

Skryf na elkeen van die volgende sinne 'n tweede sin wat die teenoorgestelde beteken.

Voorbeelde

Pele was baie gelukkig.
Pele was nie baie gelukkig nie.

Hulle het goeie sokker gespeel.
Hulle het nie goeie sokker gespeel nie.

Die skeidsregter het die fluitjie geblaas.

Hulle het treurig en jaloers geword.

Die toeskouers gil en skree.

Party spelers hardloop baie vinnig.

Ons skryf

Verander die volgende sinne van toe (verlede tyd) na nou (teenwoordige tyd) en skryf die nuwe sin neer.

Voorbeeld

Pele het in 'n dorpie in Brasilië gewoon.
Pele woon in 'n dorpie in Brasilië.



Waarom was Pele so suksesvol?

Hy het sy eie sokkerklub gestig.

Hy het die skool verlaat om sokker te speel.

Hy het baie ander sokkerspelers gehelp.

Pele was 'n baie goeie sokkerspeler.

Datum:

Paula skryf 'n resensie oor 'n sokkerstorie

Ons lees Lees hierdie resensie van 'n storie wat deur Pele se neef, Sam, geskryf is.



Sam Sokker

Aan die begin van die verhaal gaan Sam sy neef Pele ontmoet wat uit 'n dorpie in Brasilië daar aankom. Op skool kan Pele glad nie krieket, rugby of tennis speel nie. Hy doen ook nie veel skoolwerk nie. Hy is mal oor een sport: sokker! Pele leer sy graadviermaats sokker speel. Lees hierdie boek om uit te vind of hulle die graadvyf kinders kan klop.

Ek het hierdie boek geniet want ek is lief vir sokker. Die illustrasies is kleurvol en goed geteken en die karakters lyk asof hulle regtig sokker speel. Ek hou van die skrywer se styl want hy laat sokker regtig lewe.

Ek dink sokkerliefhebbers moet hierdie boek lees: die skryfstyl is briljant en die storie is opwindend.

Deur Paula Venter

Ons skryf Beantwoord hierdie vrae oor die boekresensie.

Wat is die boek se titel?

Wie het die resensie geskryf?

Waaroor handel die boek?

Waarom hou Paula van die storie?

Dink sy ander kinders sal die boek geniet? Sê hoekom.



Ons skryf

Skryf nou 'n resensie oor die storie van Pele.
Skryf vier sinne onder elke opskrif.

Die storie handel oor

Pele is 'n goeie voorbeeld vir jongmense want

Ek het die storie geniet/nie geniet nie omdat

Jy behoort die storie te lees/nie te lees nie want

Vir die pret

Al die letters in die woorde hieronder is deurmekaar. Sit hulle in die regte volgorde.

lvbaeot	
lePe	
elrWdêekebr	

ogekor	
gerdkin	
erksok	

Maak nou hierdie sinne reg deur die regte woord ná elke geskommelde woord te skryf. Ons het die eerste een gedoen om dit vir jou makliker te maak.

Baie mense het na Suid-Afrika gekom vir die (erksok) sokker- (elrWdêekebr) _____.

(lePe) _____ het ook gekom. Hy het nie in sy jong dae (ogekor) _____ of

(gerdkin) nie,

maar is regtig mal oor (lvbaeot) _____!

Datum:

Thembi – 'n musikant soos geen ander nie

Ons praat

Hou jy van musiek? Die meeste mense is lief daarvoor. Bespreek oor hierdie vrae met die res van jou klas.

- Na watter soort musiek luister jy?
- Wie is jou gunsteling- Suid-Afrikaanse sangeres?
- Waarom hou jy van haar musiek?
- Wie is jou gunsteling- Suid-Afrikaanse sanger?
- Waarom hou jy van sy musiek?

Lyk dit vir jou asof verskillende mense van verskillende soorte musiek hou? Hou hulle van verskillende sangers?

Ons lees

Hierdie storie is geskryf deur iemand wat lief is vir musiek.

'n Ma wat kitaar speel

Ek het gehoor van 'n vrou wat optree by Kiepies, 'n klub in Johannesburg. Sy dra tradisionele Ndebele-drag en sy speel 'n elektriese kitaar. "Onmoontlik," het ek gesê. Maar ek was nuuskierig. Ek wou haar met my eie oë sien. Ek is toe na Kiepies toe, en daar het ek Thembi ontmoet.

Toe Thembi op die verhoog kom, kon ek my oë nie glo nie. Sy het tamaai gelyk. Haar arms en bene was met kleurryke krale-armbande bedek. Sy het 'n helderkleurige kombers vol krale op haar kop gehad met 'n groot tradisionele hoed bo-op.



Thembi het haar arms opgelig om die skare te groet. Toe tel sy haar elektriese kitaar op. Wat 'n kitaar! Dit was met Ndebele-ontwerpe versier en in al die kleure van die reënboog geverf.

Thembi het begin speel. Sy het haar kitaar laat praat, sing, kla, kras en snik.

Thembi kan ook sing. Haar liedjies gaan oor die platteland, die riviere en lewe op die plaas, wat sy uit haar kinderdae onthou. Die lug was vol musiek. "Toe ek nog baie jonk was, het my oom my leer kitaar speel," sê Thembi. "Ek het gewoonlik by begrafnisse en troues gespeel. In 1983 het ek in Mamelodi my eie orkes begin. Destyds was daar nie baie vroue wat die elektriese kitaar gespeel het nie. Mense wat my sien speel het, het gedink ek is eienaardig. Maar ek het nie gedink ek is vreemd nie. Ek is net lief vir musiek en om kitaar te speel. Ek voel anders wanneer ek optree. Ek voel magtig."

Sy sê sy is nou bevoorreg. "Ek verdien 'n goeie inkomste uit my optredes. In die tagtigerjare het ek as huishulp gewerk omdat ek my twee kinders moes onderhou."



Ons praat

- Dink jy Thembi is 'n goeie voorbeeld vir jongmense wat musikante wil word? Waarom dink jy so?
- Mense wat goeie voorbeelde vir jongmense is, word "rolmodelle" genoem. Kan jy aan nog 'n goeie rolmodel dink?
- Hou jy die meeste van tradisionele musiek of Westerse musiek? Gee jou redes.
- Thembi het begin kitaar speel toe sy baie jonk was. Dink jy 'n mens moet baie jonk met musiek begin om 'n goeie musikant te word?
- Kyk na die prentjie. Praat oor Thembi se klere en kralewerk. Beskryf hoe dit lyk, watter kleure daar is en of jy daarvan sal hou om so aan te trek.

Ons skryf

Verbind die woord in die linkerkantste kolom met die betekenis in die regterkantste kolom. Trek 'n streep tussen die woord en die betekenis.

nuuskierig	baie groot
tamaai	mooi gemaak
versier	baie sterk
magtig	lus om meer te weet

Datum:

Gedagtes oor Thembi

Ons verstaan

Lees weer Thembi se storie en beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

- Wie praat in die eerste paragraaf? Dink jy dis Thembi of die skrywer? Sê waarom jy so dink.
- Wat dink jy beteken "Ek kon my oë nie glo nie?"
- Thembi sê sy voel magtig wanneer sy kitaar speel. Waarom dink jy voel sy so?
- Is haar lewe dieselfde as wat dit in die tagtigerjare was? Gee jou redes.

Skryf drie sinne wat Thembi beskryf. Jy mag dit uit die storie afskryf of jy kan jou eie sinne maak en neerskryf.



Ons skryf

Gebruik hierdie woorde om die sinne hieronder te voltooi.

op	vir	in	voor

Thembi sing _____ Kiepies, 'n klub in Johannesburg.

_____ sy Mamelodi toe gekom het, het sy _____ 'n plaas gewoon.

Baie musikante voel bewondering _____ haar omdat sy hulle gehelp het om werk te kry.



Ons skryf

Kyk na hierdie woorde, wat uit die laaste paragraaf van Thembi se storie kom.
Skryf die woorde wat vertel van dinge wat toe (verlede tyd) gebeur het en dinge wat nou (teenwoordige tyd) gebeur in die regte kolomme neer.

gewerk	is bevoorreg	moes onderhou	verdien

Verlede tyd	Teenwoordige tyd

Ons skryf

Gebruik hierdie woorde om die vrae te voltooi.
Moenie vergeet om die sin met 'n hoofletter te begin nie.

waar	wanneer	hoeveel	wie	watter

_____ is Thembi gebore?

_____ instrument speel sy?

_____ het sy Mamelodi toe gekom?

_____ kinders het sy?

_____ het haar kitaar leer speel?



Datum:

Die Suid-Afrikaanse volkslied

Ons lees

Nkosi sikelel'iAfrika

Malupakanyisw' uphondo lwayo,
Yizwa imithandazo yethu,
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo.

Sounds the call to come together,
And united we shall stand,
Let us live and strive for freedom,
In South Africa our land.



Ons praat

Hierdie paar reëls kom uit Suid-Afrika se volkslied. Nie alle liedere is volksliedere nie. Wat is 'n volkslied dan? Wat is 'n land se volkslied?

- Waarom is daar verskillende tale in ons volkslied?
- Waarom is dit belangrik dat 'n land 'n volkslied moet hê?

Dink aan drie geleenthede waarby jy mense die land se volkslied hoor sing het. Skryf hulle neer.

Ons skryf

Hierdie woorde handel almal oor klanke. Kies die regte woord vir elke sin en vul dit in.

praat	sing	skree	tjank	snik

Die hondjie  _____ wanneer hy nie kan inkom nie.

Jy moet regop staan wanneer jy die land se volkslied  _____.

My sussie  _____ wanneer sy seerkry.

Moet asseblief nie  _____ terwyl "Takalani Sesame" op TV wys nie.

Die apie  _____ wanneer hy seerkry.

Ons skryf

Hoe voel jy wanneer jy jou land se volkslied sing? Skryf twee sinne daaroor.





Datum:

Gedagtes oor musiek



Ons skryf Skryf hierdie woorde in die regte volgorde om sinne te maak. Onthou om jou sinne met 'n hoofletter te begin en met 'n punt, vraagteken of uitroepteken af te sluit.

wou graag sien haar self ek

soort speel musiek Thembi watter

soorte verskillende in daar musiek is Suid-Afrika

nie 'n sy wonderlike nie is musikant



Ons skryf Voltooi die program vir 'n konsert by jou skool. Gebruik die woorde in die raam.

Volkslied	Kaptein	Slim	Noag	Koor
Sesame	dans	Jakob	Die Skoolhoof	Thembi

Program

1. Graad 1 en 2 – "Vader _____"
2. Graad 3 – "Takalani _____"
3. Junior seuns saam met – Kurt Darren: "_____"
4. Slagorkes – "Hansie _____"
5. Graad 4 – _____ se ark
6. Graad 5 – Junior _____
7. Graad 6 – Tradisonele _____
8. Gaskunstenaar – _____ met haar kitaar
9. Die _____ – Nkosi Sikelel'iAfrika
10. Afsluiting – _____



Aa Bb Cc Dd Ee Ff Gg Hh Ii Jj Kk Ll Mm

Ons skryf

Maak jou program se buiteblad.

Voorbeeld

SESMYLSPRUIT-LAERSKOOL

MUSIEK- EN DANS-KONSERT

6 Desember 2012



Jou buiteblad

Kyk weer na die konsertprogram. Sê nou jy kan self 'n konsert reël? Dink oor die items wat jy graag in jou konsert sal wil hê. Van watter sangers sal jy hou? Sal jy jou vriende of familielede in jou konsert laat optree? Wil jy ook dansers insluit?
Skryf nou jou eie program van ses items vir jou konsert.

Program

1.	4.
2.	5.
3.	6.

Vir die pret

Probeer uitvind wie se kitaar by elke luidspreker ingeprop is.

Die verstrengelde groep



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

Lisa gaan see toe

Ons praat

Bespreek die prentjie. Wat doen die meisie in elke deel van die prentjie?

- Die meisie in die prentjie is in die vloot. Is die vloot anders as die weermag en die lugmag? Hoekom sê jy so?
- Was jy al ooit op 'n skip of 'n boot? As jy al was, vertel die klas hoe jy dit beleef het.
- Sou jy daarvan hou om in die vloot te wees? Gee jou redes.
- Hou jy van die see? Sê hoekom.

Ons lees

Die meisie wat by die vloot aangesluit het



Lisa Hendricks het by die vloot aangesluit toe sy haar skoolopleiding voltooi het. "Ek wou nie 'n vervelige nege-tot-vyf-werk doen nie," sê sy. "Ek wou uitkom en dinge doen. Die vloot het anders en interessant gelyk. Die meeste van my vriende was verbaas omdat ek 'n baie stil meisie was."

Die lewe op skepe wat op die see vaar kan baie moeilik wees. "Die basiese opleiding is baie harde werk. Teen die einde van die dag is jy so moeg en die spasie is so min dat jy skaars regop kan staan," sê Lisa.

Nadat sy haar basiese opleiding voltooi het, het sy besluit om van kommunikasiemiddele te leer. Sy het geleer hoe om boodskappe te stuur, iets wat baie belangrik in die vloot is. Elke skip moet ander skepe kan laat weet wat aangaan en waar hulle is. Hulle moet almal met mense op die land kan praat of boodskappe aan hulle stuur. "Niemand in die vloot kan boodskappe stuur sonder die hulp van die Kommunikasie-afdeling nie," sê Lisa.



Toe besluit Lisa om haar as offisier te bekwaam, om te leer hoe sy die dinge wat ander matrose doen, kan beheer. Sy was baie trots toe sy aanvaar is. Daar was 44 mans op die kursus en twee vroue. Die kursus was baie moeilik. Lisa moes seker maak dat sy baie fiks is sodat sy kon byhou.

'n Deel van die kursus het gehandel oor seevaart, en Lisa sê dit was die beste deel. "Ons het 'n week aan boord van skepe deurgebring en ook 'n tyd lank onder die see in duikbote gevaar."

Lisa wou altyd die beste wees. Sy het dikwels gesê sy wil die Admiraal van die vloot wees – dis die hoogste rang van 'n vlootoffisier. Sy het vandag 'n senior pos in die Suid-Afrikaanse Weermag en is verbonde aan ons ambassade in Duitsland.

Ons praat

- Wat is 'n rolmodel?
- Vra vir jou maat: "Kan mense soos ek en jy rolmodelle word?"
- Wie is jou rolmodel?
- Dink jy Lisa Hendricks is 'n rolmodel? Gee jou redes.
- Lisa sê die basiese opleiding was vir haar baie moelik. Wat dink jy is basiese opleiding?
- Lisa sê sy het by die vloot aangesluit omdat dit opwindend gelyk het. Waarom dink jy het sy gemeen dit sou opwindend wees?
- Weet jy wat 'n ambassade is? Waarom het lande ambassades nodig?

Ons skryf

Rangskik hierdie woorde in alfabetiese volgorde. Nommer die woorde in elke kolom van 1 tot 6.

____ sy	____ bote	____ opleiding
____ skool	____ basiese	____ ouderdom
____ swaar	____ belangrik	____ opgelei
____ skepe	____ beste	____ opwindend
____ seker	____ by	____ offisier
____ senior	____ boord	____ oormoeg

Datum:

Lisa se lewe in die vloot

Ons verstaan

Lees weer die verhaal van Lisa Hendricks en beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

- Waarom het Lisa Hendricks by die vloot aangesluit?
- Wat dink jy bedoel sy met 'n "nege-tot-vyf-werk"?

1	'n Werk wat elke dag nege-uur in die oggend begin en in die middag vyfuur afsluit
2	'n Werk waar jy vir iemand anders werk
3	'n Werk wat vervelig is omdat jy elke dag dieselfde dinge doen

- Waarom was Lisa se vriende verbaas dat sy by die vloot aangesluit het?
- Watter deel van haar opleiding was vir Lisa baie moeilik?
- Watter deel van haar opleiding het sy die meeste geniet?
- Het Lisa 'n goeie loopbaan in die vloot gehad? Gee redes vir jou antwoord.



Ons skryf

Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.

verras	verskillend	interessant	trots	moeilik

Ek is baie _____ daarop dat ek 'n Suid-Afrikaner is.

Die skooluitstappies na die hawe was regtig _____.

Ek was _____ toe my boetie ingestem het om my saam te neem om 'n sokkerwedstryd te gaan kyk.

Vir my is skoolwerk baie maklik, maar party sportsoorte is baie _____.

Ons is wel 'n tweeling, maar ons is taamlik _____ van mekaar.



Ons skryf

Hieronder staan alles wat Lisa elke oggend tydens haar opleiding gedoen het.
Sy het die aktiwiteite in die verkeerde volgorde geskryf. Help haar om hulle uit te sorteer.

Tyd	Aktiwiteit
05:30	Eet middagete
06:30	Oefen twee uur lank
08:30	Woon klasse by
09:00	Staan op
13:00	Eet ontbyt

Tyd	Aktiwiteit
05:30	
06:30	
08:30	
09:00	
13:00	

Ons skryf

Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.



binne	in	oor	deur	om	op	in

Ek staan sesuur _____ die oggend _____.

Ek klim _____ halfagt _____ die bus.

Ek klim naby die skool van die bus af en loop _____ die brug en _____ die veld.

Presies agtuur stap ek my klas _____.



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

'n Gedig oor die see

Ons lees

Die see

Ek is lief vir die mooi seestrand
Met veelkleurige skulpe en baie sand
Ek tel skulpe op, sommer in die loop
Om hulle in winkels te gaan verkoop.

Die see is vol van allerlei gediertes
Wat kan byt, steek en dodelik wond
Voor ek saam met die dolfyne gaan swem
Bind ek 'n tou om die haai se mond.

Die see is daar vir jou en vir my!
Waar kan 'n mens 'n beter plek kry?

(Gedig deur Nabila Jeeva, in Afrikaans verwerk)

Ons verstaan





- Hou Nabila van die see? Sê waarom.
- Wat tel 'n mens op die strand op?
- Waarom is sy bang vir haaie?
- Vir wie dink sy is die see daar?

Trek 'n kring om die dinge in die see wat kan byt, doodmaak of steek.

seegras	haaie	pylstertvisse	garnale
skulpe	krappe	dryfhout	visnette



Ons skryf

Kyk na die gekleurde woorde in die sinne. Pas hulle by die woord (of woorde) hieronder wat dieselfde beteken. Skryf die korrekte woord (of woorde) in die ruimte wat daarvoor gelaat is.

klaarmaak	moeiliker	trots op	kommunikasie	baie goeie

Indien ek hard werk, sal ek 'n uitstekende student wees. _____

Sommige skoolvakke is meer ingewikkeld as ander. _____

Dit is baie belangrik om die kontak tussen die verskillende skepe te behou. _____

Ek sal binnekort Graad 5 voltooi en na Graad 6 oorgaan. _____

Ek voel baie tevrede met myself omdat ek goed gevaar het in die toets. _____



Ons skryf

Maak 'n goeie sin met die woord aan die linkerkant

vloot	
opwindend	
opleiding	
gure weer	
offisier	
oorboord	





Datum:

'n Poskaart aan 'n maat





Ons skryf

Omdat sy in die vloot is, reis Lisa Hendricks dikwels per skip. Daar is verskillende vervoermiddels waarmee 'n mens kan reis. Voltooi die tabel. Skryf een positiewe (goeie) aspek en een negatiewe (slegte) aspek van elke vorm van reis in.

Maniere om te reis	Positiewe aspek	Negatiewe aspek
Per skip		
Per fiets		
Per trein		
Per bus		
Te voet		



Ons skryf

Lisa het vir haar vriendin 'n poskaart geskryf terwyl sy met haar basiese opleiding besig was. Sy het 'n paar foute gemaak. Help haar om hulle reg te maak. Trek 'n kring om elke fout en skryf die regte woord onder elkeen neer.



Liewe marietjie

Ek is halfpat met my basiese oplyding en dis vir my

baie moilik. Mar ek gaan beslis klaar maak en

seeker maak dat ek goet vaar. In die volgende

deel van die studie moet ek komunikasie doen.

Dit maak my baie opgewonde en ek sien eit daarna.

Die laasste deel, en moondlik die beste, is om aan

boort die skip te wees. Ek kannie wag nie.

Liefdegroete Lisa

Seël

Mej M Lemmer
Korobostraat 52
Lynnwood Glen
0081





Ons skryf

Skryf 'n poskaart vir 'n vriend /vriendin en vertel hom/haar van iets opwindends wat jy gedoen het.

- Skryf ses sinne.
- Maak seker dat jy jou vriend of vriendin se adres op die poskaart skryf.



Seël



Vir die pret

Spoor die name van die verskillende vervoermiddels in die raaisel op.



r	i	b	m	o	k	j	n	g	t
d	k	g	h	u	d	i	p	f	h
h	w	l	f	p	f	r	b	t	p
v	r	a	g	m	o	t	o	r	w
s	v	m	k	t	c	g	o	e	x
k	r	t	o	m	z	b	t	i	v
i	c	m	o	p	r	u	z	n	o
p	q	t	a	n	b	s	l	b	r

1) _____
2) _____
3) _____
4) _____
5) _____
6) _____
7) _____



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

Pieter – 'n kind op straat

Ons praat

Praat oor die prentjie. Waar is hierdie kinders? Het hulle 'n huis of 'n gesin? Dink jy hulle gaan skool toe? Dink jy hulle het genoeg om te eet?

Ons lees

Pieter Prins is 14 jaar oud. Pieter woon al vyf jaar lank op straat saam met sy tjommies. Hy het die afgelope vyf jaar dus nie 'n eie gesin geken nie. Maar nou het Pieter 'n nuwe gesin gekry. Hy het by die ouma van 'n maat van hom gaan woon.
Hier volg Pieter se storie:



Ek is in Garies gebore en het daar saam met my gesin gewoon tot ek nege jaar oud was. Ek het twee susters en vier broers gehad. Ons was arm maar my ma het ons baie goed versorg. Sy het altyd vir my alles gegee wat ek nodig gehad het.

Alhoewel ons baie kinders was, het my ma ons almal baie spesiaal en geliefd laat voel. Sy het dikwels lang tye net met ons gesit en gesels. Ek was ook baie lief vir my pa, maar hy was meestal by die werk.

Ek het begin skoolgaan toe ek sewe jaar oud was en het dit regtig geniet om te leer. In vakansietye het ons gewoonlik Springbok toe gegaan om by my ouma te kuier. Dit was groot pret. Ek was 'n veewagter en het met die seuns van die omgewing gespeel.

Maar toe het my ma en pa in 'n ongeluk gesterf. Ek het by die bure gaan bly, en my susters en broers het na ander gesinne toe gegaan. Die bure was gaaf en het my in hulle huis beskerm, maar hulle wou nie dat ek skool toe gaan nie. Ek moes in hulle winkel werk en was ongelukkig. Ek het toe besluit om weg te loop.
Ek het die Johannesburg-trein gehaal maar het nie



geweet waarheen ek op pad was nie. By Parkstraat het ek 'n groep seuns ontmoet. Hulle het vir my kos gegee en vir my gesê ek kon hul tjommie wees. Ek het toe by hulle aangesluit, maar hulle het my nie vertel hoe ek by die skool kon kom nie. Ek het later besef dat hulle straatkinders was.



Vir die volgende vyf jaar het ek op straat gelewe. Ek is gearresteer omdat die polisie gedink het ek het kos uit 'n winkel gesteel, waarna ek 'n maand lank in die tronk was.

Toe ek uit die tronk kom, het ek oor my lewe nagedink. Ek het 'n nuwe vriend ontmoet in die park waarheen ek gegaan het om alleen te wees. Hy het gesê ek kan by sy ouma kom woon mits ek skool toe gaan. Ek woon van toe af by haar. Ek is nou baie gelukkig want ek is by mense wat vir my omgee en ek kan skool toe gaan en leer.

Ons praat

- Wat is die verskil tussen 'n straatkind en 'n kind wat by 'n gesin woon?
- Pieter se gesin was arm. Het dit vir hom saak gemaak? Waarom?
- Wat het gebeur toe Pieter se ouers dood is?
- Waarom dink jy wou die buurgesin nie hê hy moes skool toe gaan nie?
- Waarom dink jy het Pieter vriende gemaak met vreemde kinders toe hy in Johannesburg aangekom het?

Ons skryf

Verbind die woorde met hul betekenisse.
Skryf die woorde in die blou blok in jou woordeboek.

spesiaal	deur die polisie gevang
geniet	oppasser van diere
veewagter	veilig gehou deur iemand
beskerm	plesier kry uit iets
gearresteer	uniek, anders as ander



Datum:

Gedagtes oor Pieter

Ons verstaan

Hoe lank het Pieter op straat gewoon? Wat is 'n ander woord vir "tjommies"? Watter van die volgende drie antwoorde is die regte een?

1	broers en susters
2	ma en pa
3	maats



Beantwoord die volgende vrae in jou klaswerkboek.

1) Hoe oud was Pieter toe hy gearresteer is?
2) By wie woon Pieter nou?
3) Dink jy Pieter sal by sy maat se ouma bly of dink jy hy sal weer 'n straatkind word? Gee jou redes.
4) Skryf die twee woorde neer wat vir jou vertel Pieter het baie van skoolgaan gehou.

Ons skryf

Kies die regte woord in elke sin en onderstreep dit.

1. Die plaasdiere was fassineer/fassinerend/gefassineer.
2. Pieter was fassineer/fassinerend/gefassineer deur die mense in Johannesburg.
3. Pieter se ma het gewoonlik vir hom interessante/geïnteresseer/ interesseer stories vertel.
4. Pieter was lief vir skool en was interessante/geïnteresseerd/ interesseer in die aanleer van Engels.

Wat is volgens jou interessant? Skryf drie sinne oor iets wat jou interesseer en sê waarom dit jou interesseer.



Ons skryf

Plaas hierdie sinne elkeen in die korrekte kolom.

1. Pieter is 'n tiener.
2. Pieter het by sy gesin gewoon tot hy nege jaar oud was.
3. Hy het heerlike vakansietye by sy ouma deurgebring waar hy die vee opgepas het.
4. Pieter se ouers is oorlede en toe het hy by die buurgesin gaan woon.
5. Pieter woon by 'n vriend van hom se ouma.
6. Pieter is baie gelukkig.

Wat in die teenwoordige tyd gebeur	Wat in die verlede gebeur het

Ons skryf

Druk hierdie sinne 'n feit of 'n opinie uit?



Voorbeeld:

Pieter het vyf jaar lank op straat gewoon. (feit)
Pieter sal goed vaar by sy nuwe skool. (opinie)

	Feit/Opinie
Pieter het saam met sy ouers in Garies gewoon.	
Ek dink alle straatkinders kom uit plattelandse gebiede.	
Pieter het begin skoolgaan toe hy sewe jaar oud was.	
Johannesburg is die beste plek in Suid-Afrika.	
Pieter woon by 'n maat van hom se ouma.	

Datum:

Ons gaan skool

Ons lees



Met leer en speel
gaan die skooldae om.
Die einde van die
eerste kwartaal het
gekom.
Net een week
vakansie – wat 'n klug!
Pak maar jou boeke
in jou boeksak terug.

Onderwysers gil
raadop "Hou op
met kla!"
Aardrykskunde en
geskiedenis – doen net die vrae!
As die eksamen verby is, is die harde werk oor.
Vakansie, hier kom ons – net pret lê nou voor!

(Kim Muller en Nadine Phillips, in Afrikaans verwerk)

Ons praat

Kies die beste titel vir die gedig uit die volgende lysie:

1	Kinders van die voorstede
2	Skool
3	Vakansie is pret



- Skoolboeke kom in 'n "boeksak". Waarin kan jy ook jou boeke dra?
- Wat gebeur aan die einde van elke kwartaal?
- Hoekom dink jy skree die onderwysers "Hou op met kla!"?
- Dink jy die twee leerders wat hierdie gedig geskryf het, geniet aardrykskunde en geskiedenis?
- Hoekom sê jy so?



Ons skryf

- In elkeen van die sinne hieronder staan een woord in vetdruk. Verbind elke vetgedrukte woord met die woord uit hierdie lys wat die teenoorgestelde betekenis het. Skryf nou jou antwoord ná elke sin neer.

begin	druip	opwindend	fluister	kalm

Onderwysers raak **omgekrap** wanneer kinders nie leer nie. _____

Party skoolvakke is **verveliger** as ander.

Die skooljaar **eindig** aan die einde van die jaar. _____

Ek hoop ek sal aan die einde van die jaar **slaag**. _____

Onderwysers **gil** wanneer die kinders nie oplet nie. _____

Ons skryf

Vul die ontbrekende woorde in.

sy	hulle	hom	hy	hulle

Pieter, 'n jong seun van Garies, het gelukkig saam met sy gesin gewoon tot _____ ouers oorlede is. Hy het by die buurgesin gaan woon, maar _____ was ongelukkig en het weggeloop. In Johannesburg het hy 'n groep straatkinders ontmoet. Hy het _____ gevolg en _____ het vir hom kos gegee maar _____ nie vertel hoe om by die skool te kom nie.



Datum:

Dikwels in die moeilikheid

Ons skryf

Rangskik die sinne in die korrekte volgorde.
Nommer hulle van 1 tot 5.

	Pieter is genooi om by 'n vriend se ouma te gaan woon.
	Pieter het weggeloop Johannesburg toe.
	Pieter het by die buurgesin gewoon.
	Pieter se ouers is oorlede.
	Pieter het vroeër op sy ouma se plaas naby Springbok gaan kuier.

Ons skryf

Skryf 'n storie oor iemand wat jy ken wat by die skool of by die huis in die moeilikheid gekom het. Skryf drie paragrawe. Gebruik die volgende woorde:

hy/sy	hom/haar	dit	hulle/hul

Gebruik hierdie vrae om jou te help beplan wat jy moet skryf. Enigiemand wat jou storie lees, moet die antwoorde op die vrae daarin kry.

- Oor wie gaan jou storie?
- Waar het die jongmens gewoon?
- Wanneer het die persoon in die moeilikheid gekom?
- Hoekom het die persoon in die moeilikheid beland?
- Wat het met die jongmens gebeur?
- Wat het die persoon uit sy/haar fout geleer?

ns skryf

Verbeel jou jy is Pieter. Jy moet 'n brief skryf aan die maat se ouma om te vra of jy by haar kan gaan woon.

Skryf twee paragrawe. Vertel haar in die eerste paragraaf wie jy is en waarom jy aan haar skryf. Verduidelik in die tweede paragraaf dat jy skool toe wil gaan en waarom jy wil skoolgaan.

Onthou die volgende:
- Skryf jou adres neer.
- Begin en eindig die brief op die regte manier.
- Begin elke sin met 'n hoofletter.
- Gebruik punte op die regte plekke.

Aa Bb Cc Dd Ee Ff Gg Hh Ii Jj Kk Ll Mm

Teacher

Date:

Sign:

Vir die pret

Help Pieter om die pad na sy maat se ouma se huis te kry.









2











Datum:

Die mier en die duif

Ons praat

- Dink jy diere help mekaar? Hoe?
- Kan 'n klein dietjie 'n groot dier help? Hoe?
- Kan 'n klein mensie 'n groot mens help? Hoe?
- Dink jy diere praat met mekaar? Gee redes vir jou antwoord.

Ons lees

Ons lees

Op 'n warm dag sit 'n mier langs 'n rivier. "Hoe heerlik sal dit nie wees om te kan swem in hierdie hitte nie," dink sy. Sy steek eers een been in die rivier, toe die volgende en die volgende. Skielik gly sy en voel dat die water so sterk vloei dat sy nie sal kan uitkom nie.



"Help!" skree sy. "Ek verdrink!" Maar niemand hoor haar noodkreet nie. Toe die arme mier seker is sy gaan verdrink, vlieg daar 'n duif verby. Die duif sien dat die mier in gevaar is en sy laat 'n blaar in die water val. Eers wonder die mier wat op aarde die duif doen, maar toe besef sy dat die blaar soos 'n bootjie is en die mier klim daarop.



"Dankie, duif. Eendag sal ek jou help."

Die duif lag. "Jy is te klein om my te help, miertjie." En sy vlieg weg.



Baie maande gaan verby en die mier sien toe eendag die duif wat haar gered het, in 'n boom sit.

Voordat sy die duif kan groet, kom daar 'n man met 'n pyl en boog aan. Sy besef dat hy die duif gaan skiet. Die mier klim toe vinnig teen die man se been op en byt hom. "Eina!" skree die man en laat sy pyl val.

"Dankie," roep die duif terwyl sy wegvlieg. "Jy is klein, maar jy het my lewe gered."



Ons praat

- Waarom wou die mier swem?
- Wat het met haar gebeur?
- Hoe het die duif haar gered?
- Hoe het die mier die duif gered?



Ons skryf

Rangskik hierdie woorde in alfabetiese volgorde. Nommer die woorde in elke kolom van 1 tot 5.

	duif
	duik
	dyke
	damwal
	dik

	mier
	maar
	mure
	mol
	meule

	skielik
	sieklik
	sterk
	sjuut
	seep

Datum:

Ons dink oor die mier en die duif



Ons skryf

In watter seisoen dink jy het hierdie storie hom afgespeel?
Kies een. Waarom sê jy so?

lente	herfs	somer	winter

Die storie is 'n fabel. Wat is 'n fabel? Kies een van hierdie antwoorde.

	1. 'n storie met dierekarakters wat ons 'n les leer
	2. 'n storie oor gode en helde
	3. 'n kort brief

Kies drie woorde wat die mier beskryf.

dapper	laf	stout	ydel	sagmoedig	lafhartig	waaghalsig

Gebruik die drie woorde om drie sinne te skryf.



Ons skryf

Trek 'n streep van die begin van elke sin aan die linkerkant na die korrekte einde aan die regterkant.



Dit was 'n warm dag en		niemand het haar gehoor nie.
Die duif het nie die mier geglo toe		sy 'n blaar laat val het.
Die duif het die mier gered toe		die mier hom byt.
Die man het geskree toe		sy gesê het sy sou die duif help nie.
Die mier het hard geroep maar		die mier het lus gehad om te swem.
Die jagter het sy pyl en boog geneem		om die duif te skiet.



Ons skryf

Verbind die sinne. Gebruik die woorde hieronder.

en	want	maar



Voorbeeld:

Die duif het 'n blaar in die water laat val.
Sy wou die mier help.
Die duif het 'n blaar in die water laat val want sy wou die mier help.

Die mier het warm gekry.
Sy wou swem.

Die man het 'n pyl en boog gehad.
Hy wou die duif skiet.

Die duif het gelag.
Sy het nie gedink die mier kan haar help nie.

Die man het amper die duif geskiet.
Die mier het hom gebyt.

Ons skryf

Vul die ontbrekende woorde in. Ons het die eerste een as voorbeeld gedoen.

een	baie
mot	motte
mier	
	bye
	vlieë
muskiet	
duif	

Datum:

Mier kom die goeie nuus by die huis vertel

Ons lees

Mier tot mier

Hoe kommunikeer miere? Hulle kan nie praat nie, maar dis vir hulle nodig om mekaar te vertel wat aangaan. Hoe doen hulle dit? Hulle gee 'n spesiale reuk af.



Terwyl jy besig is om 'n toebroodjie te eet, val daar broodkrummels op die vloer. Toemaar, dit maak nie saak nie want hier is nie miere nie! Maar wag 'n bietjie! Daar is een of twee miere wat die krummels ondersoek. Nouja, dis nie 'n probleem nie want 'n paar miere het nog nooit iemand skade gedoen nie. Maar kom 'n bietjie nader. Die goggatjies is besig om hul antennes te wikkel.



Skielik hardloop een van hulle oor die vloer en verdwyn. Die verkenner het kos gekry, en hy gaan dit nou vir die mierkolonie vertel. Maar hy moet die pad terug na die kos toe onthou. Die mier los nie voetspore nie. Hy laat 'n reukspoor agter.

Wanneer die verkenner by die nes kom, vertel hy die ander miere met sy reuk dat hy kos gekry het. Nou is daar groot opgewondenheid. Gou-gou vertrek hulle op 'n drafstap agter die verkenner aan, al met die reukspoor langs. Skielik is daar 'n lang ry miere oor die vloer. Daardie broodkrummels is op pad na die nes .



Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.



1) Hoe "praat" miere met mekaar?
2) Hoe kry hulle hulle pad terug na die nes toe?
3) Dink jy miere is skoon of vuil goggas? Gee redes vir jou antwoord.

- Pas die woorde aan die linkerkant van die tabel hieronder by hul betekenisse. Trek 'n streep van elke woord na sy betekenis.

kommunikeer	iemand wat uitgestuur is om inligting te versamel
antennes	'n groot groep miere wat saamwoon
mierkolonie	praat
verkenner	die voelers op 'n insek se kop

Ons skryf

Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.



dis	om 't ewe	jou	daar's	kan nie

Miere _____ praat nie. Hulle gebruik hul antennes om te kommunikeer.

Wanneer jy _____ broodkrummels laat val, tel die miere dit op.

Dis _____ of jy die broodkrummels optel of laat lê. Die miere sal alles eet wat hulle kan kry.

_____ reg! Die mierkoningin bly in die mierkolonie.

Sjoe! Kyk net daar. _____ miere in die suiker.

Datum:

Ons ontleed die storie

Ons skryf Rangskik hierdie sinne in die regte volgorde om 'n paragraaf te maak.

Na 'n ruk het die mier gedink sy gaan dood en toe roep sy om hulp.
Op 'n warm dag het 'n mier besluit om in die rivier af te koel.
"Moenie bang wees nie," het die duif geroep. "Ek sal jou help."
Ongelukkig het sy te ver vorentoe geleun en ingeval.
"Dankie. Jy het my lewe gered," het die mier gesê. "Eendag sal ek jou ook help."
Sy het 'n blaar in die rivier laat val.
Die mier het die blaar as 'n bootjie gebruik.

Ons skryf Vul die spraakborrels met jou eie woorde in.













Vir die pret

Kyk of jy in elke stap een letter kan verander om 'n nuwe woord te maak.

Voorbeeld:

Verander bed na kos in vier stappe

bed	bes	bos	los	kos

Trek nou 'n streep onder die letter wat in elke stap verander.

sink na bang in drie stappe

sink	sing	sang	bang

oos na wes in drie stappe

oos	pos	pes	wes

beet na kool in vyf stappe

beet	beer	keer	koer	koel	kool

Probeer hierdie een self doen

pyl na kop in drie stappe

En hier is die antwoord: pyl pol kol kop

Datum:

Die skeppingsmite van die San

Ons praat

- Wat dink jy beteken die woord skepping?
- Het jy al ooit iets geskep?
- Wie dink jy het die wêreld gemaak?
- Wie dink jy het jou geskep?

Ons lees



Skeppingsmite van die San

Die Sanmense glo dat Hottentotsgot teenwoordig was toe die wêreld begin het. 'n By het hom gedra oor die donker, stormagtige waters wat die nuwe aarde bedek het.

Die by het koud en moeg geword en het begin soek na 'n stukkie vaste grond waar hy sy las kon neersit. Hy het stadiger en stadiger gevlieg, al nader en nader aan die water. Uiteindelik het hy 'n groot, halfoop wit blom op die water sien dryf.

Hy het Hottentotsgot in die hartjie van die blom neergesit en in hom die saad van die eerste mens geplant. Die saad was beskerm teen die wind en water.





Die by is kort daarna dood. Hottentotsgot het die volgende oggend van die son wakker geword en die eerste Sanmens is gebore.



Hottentotsgot is die San se god wat alles geskep en daaraan name gegee het. Hulle glo ook dat Hottentotsgot die reën stuur en sorg vir die jag. Hy beskerm mense teen siekte en gevaar. Maar die San aanbid nie Hottentotsgot nie. Hulle bid tot die son, maan en sterre, maar nooit tot Hottentotsgot nie.



Ons praat



- Het jy al ooit 'n hottentotsgot gesien?
- Watter woorde sal jy gebruik om die hottentotsgot te beskryf?
- Watter goeie dinge glo die Sanmense doen die hottentotsgot vir hulle?
- Is dit belangrik om goeie dinge vir ander mense te doen?
- Praat oor twee goeie dinge wat jy al gedoen het.

Ons skryf

Pas die woorde by hul betekenisse.
Trek 'n streep van elke woord na sy betekenis.

WOORD
teenwoordig
stormagtig
vaste
las
beskerm

BETEKENIS
met harde reën en wind
iets wat swaar is om te dra
keer gevaar weg
stewige
om op 'n plek aanwesig te wees



Datum:

Ons dink oor Hottentotsgot, die San en die by

Ons verstaan



Wat is 'n ander woord vir die Sanmense? Kies een van hierdie woorde en herskryf die sin met die korrekte term vir San:

Boesmans	Xhosa	Zoeloe	Tsonga

Die by en die hottentotsgot het seker gemaak dat die eerste Sankind gebore word.

Waarom dink jy is die by gekies? Kies die beste woord om die sin te voltooi.

byt	seergemaak	skop	steek

Die skrywer kies die by want hy kan ander insekte _____ as hulle hom probeer keer.

Waarteen beskerm Hottentotsgot die San?

Tot wie bid die San?



Ons skryf

Trek 'n streep onder die woord wat dieselfde klink as die eerste woord.

dra	ouma	padda	vra	vrat
boer	brouer	vroeër	vroeg	voer
deur	deug	leuen	skeur	leun
koud	koulik	bout	vilt	veld
koring	toorn	toring	koor	karring

Ons skryf

Voltooi die tabel.

Voorbeeld: lank	langer	langste
veilig		
wyd		
breed		
lig		
naby		

Ons skryf

Herskryf die sinne. Begin elke sin met Gister.



Voorbeeld:

Die weer is stormagtig en reënerig.
Gister was die weer stormagtig en reënerig.

Die by dra Hottentotsgot met sy pote.

Die by sit Hottentotsgot in die middel van die blom neer.

Die saad word beskerm teen die slegte weer.

Hottentotsgot beskerm mense teen gevaar.

Trek 'n streep onder die onderwerpe in die sinne hierbo.

Voorbeelde:

Anna streel die hond.

Die reën maak my nat.

Daar is spesiale name vir verskillende dele van 'n sin. Een van die name is onderwerp. Dit is gewoonlik 'n selfstandige naamwoord en dit kom dikwels aan die begin van die sin voor. Dit vertel jou wie of wat iets is of doen.

Datum:

Nederig of hongerig?

Ons lees

Party hottentotsgotte word meer as 10 sentimeter lank. Daar is drie fases in die lewe van 'n hottentotsgot: eier, nimf en volwassene. Die nimfe is baie klein en het nie vlerke nie. 'n Hottentotsgot word omtrent 'n jaar oud.



Die hottentotsgot lyk baie nederig wanneer hy kos soek. Dit is die enigste insek wat sy kop 180 grade of meer kan draai. Dit is 'n halfsirkel. Die hottentotsgot gebruik sy goeie sig om te jag.

Wanneer dit rus, hou die hottentotsgot sy voorpote op so 'n manier dat dit lyk asof hy bid. Sy voorste bene het skerp stekels wat hy gebruik om sy prooi mee te vang. Hottentotsgotte lyk soos hul omgewing, gewoonlik groen of bruin. Hulle wag vir hul prooi om nader te kom, gryp dit dan en eet dit vinnig. Hottentotsgotte eet selfs jong akkedisse, slange, paddas, voëls en rotte.



Mense beskou nie die hottentotsgot as 'n pes nie. Daar is selfs tuiniers wat hottentotsgotte teel om ander skadelike insekte in hul tuine te vreet. Vlermuise, voëls en perdebye prooi op hottentotsgotte.

Ons verstaan

Beantwoord die volgende vrae in jou klaswerkboek.

1) Waarom word die hottentotsgot eintlik 'n "god" genoem?
2) As jy mooi na 'n hottentotsgot kyk, sal jy sien hy lyk baie fyn en fraai. Is hy so? Gee redes vir jou antwoord.
3) Dink jy hulle kan vir hul vyande wegkruip? Gee redes vir jou antwoord.
4) Wat is die drie fases in die lewe van die hottentotsgot?
5) Skryf twee sinne oor die manier waarop die hottentotsgot sy prooi vang.

Ons skryf

Pas die woorde by hul betekenisse.
Trek 'n streep van elke woord na sy betekenis.

nederig	die wêreld om ons
stekels	wat kan seermaak
prooi	nie trots nie
omgewing	die stappe in 'n proses
fases	dier wat deur 'n ander dier doodgemaak en gevreet word
skadelik	soos dorings



Ons skryf

Skryf hierdie sinne in die regte volgorde om 'n paragraaf te maak. Moenie vergeet om jou sinne met 'n hoofletter te begin en met 'n punt af te sluit nie.

Hottentotsgot het een oggend in die sonskyn wakker geword en toe word die eerste Sanmens gebore.
Toe gaan die by dood.
Uiteindelik sien hy 'n groot wit blom wat halfoop is op die water dryf.
Hy het Hottentotsgot in die hartjie van die blom neergesit en in hom die saad van die eerste mens geplant.
Hottentotsgot was teenwoordig by die geboorte van die wêreld.
'n By het hom gedra oor die donker, stormagtige water wat die nuwe aarde bedek het.
Hottentotsgot is die San se god wat alles geskep en daaraan name gegee het.
Hottentotsgot stuur reën en sorg dat die jag goed verloop.

Datum:

Nog inligting oor die hottentotsgot



Ons skryf

Skryf 'n verslag oor die hottentotsgot.
Skryf twee sinne onder elke opskrif.

Hottentotsgot

deur _____

Hoe hy lyk

Waar hy woon

Diere wat die hottentotsgot eet

Voedsel van die hottentotsgot

Die interessantste feit wat ek geleer het, is

Ons skryf

Pas die spreekwoorde by hul betekenisse.
Trek 'n streep van elke spreekwoord na sy betekenis.

SPREEKWOORD	BETEKENIS
'n Donkie stamp hom nie twee keer teen dieselfde klip nie.	'n Mens moet mooi dink wie se voorbeeld jy gaan volg. Moenie 'n gevaarlike ding agter iemand anders aan doen nie.
Die appel val nie ver van die boom nie.	'n Mens maak nie twee keer dieselfde fout nie.
As jou maat in die vuur spring, beteken dit jy moet agterna spring?	Die seun lyk besonder baie soos sy pa.

Maak nou jou eie spreekwoord. Jy kan een neerskryf wat jy al ken, of jy kan 'n nuwe een uitdink.

Vir die pret

Kan jy die liniaalkode ontsyfer?
Skryf elke letter onder die nommer op die liniaal.
Werk die boodskap uit.

D 7
E 2, 5, 9, 14
G 1
I 4, 8, 13
K 15
M 10
N 3
S 12
T 6
U 11





GENIET _ _ _ _ _ _ _ _ _

Datum:

Pou verdien 'n beloning

Ons praat

- Kyk na die prentjie van die pou. Praat oor sy vere, sy stert, sy pote, die manier waarop hy staan.
- Dink jy dis 'n mooi voël? Wat is mooi aan die pou?



Ons lees



Lank, lank gelede was die pou 'n doodgewone voël. Sy vere en stert was bruin en vuil, en hy het snaakse, geplooide pote gehad. Eendag was Pou besig om kos van die grond af op te pik toe Indra, die god van die lug, haastig daar verbyvlieg.

"Waar gaan u so haastig heen?" vra Pou.

"Die bose koning Ravana probeer my vang. En hoewel ek 'n god is en mense met my weerlig kan seermaak, kan niks Ravana keer nie. Die enigste ding wat ek kan doen om myself te red, is om weg te kruip. Maar ek sien nie 'n wegkruipplek hier nie."

"Kom gou. Ek sal my stert oplig dan kan u daaragter wegkruip."

Ravana het toe nie vir Indra raakgesien nie en by hom verby in die woud ingegaan.

"Baie, baie dankie," sê Indra. "Jy is lelik maar so dapper. Om jou vir jou dapperheid te beloon, gaan ek jou die mooiste voël in die wêreld maak."

Terwyl hy nog so praat, verander die pou. Sy vere word helderblou en sy stert word 'n pragtige groen waaier met goue oë.

Pou kyk na homself in die water en sien hoe mooi hy is. Hy word toe baie ydel en loop orals rond met sy kop in die lug. Elke keer as hy 'n wyfiepou sien wie se vere nog steeds bruin is, waaier hy sy stert oop om haar te wys hoe mooi hy is.

Maar wat het nie verander nie? Sy pote. Elke keer as Pou na sy pote kyk en sien hoe lelik hulle is, laat hy sy stert sak en krys: "Help!"

In Indië het die mense vroeër geglo dat as Pou skree, daar donderweer, blitse en reën gaan wees. Indra, die god van donder en weerlig, het Pou sy boodskapper gemaak.

Ons praat

- Hoe het die pou gelyk voordat hy verander is?
- Hoe het hy gelyk nadat hy verander is?
- Hoe het hy hom gedra nadat hy baie mooier geword het?
- Ken jy iemand wat dink hy of sy is baie mooi?
- Hoe gedra hierdie persoon hom of haar?



Ons skryf

Lees die definisie en vul die oop ruimtes met die beste woord uit die lysie.

doodgewoon	dapper	ydel	gekrys	boodskapper

'n Hoë, skril geluid _____

Iemand wat vir ons nuus van iemand anders bring _____

Glad nie mooi nie _____

Baie trots op jou voorkoms _____

In staat om gevaar trompop te loop _____

Datum:

Ons dink oor die pou

Ons verstaan

Kies die beste opskrif vir die storie:

	Indra vlug vir 'n sterk god
	Hoe die pou sy vere gekry het
	Die pou en die wyfiepou

'n Fabel is 'n storie wat gewoonlik oor dierekarakters handel, en oor dinge wat nie waar is nie. Dit leer ons 'n les.

- Dink jy die storie oor die pou is 'n fabel? Sê waarom.
- Waarom het Indra die pou se vere en stert verander?
- Dink jy Pou was gawer voor hy in 'n pragtige voël verander het of daarna? Gee redes vir jou antwoord.

Ons skryf

Gebruik woorde uit die kassie wat beskryf hoe die pou gelyk het voor hy mooi geword het en nadat hy mooi geword het.

doodgewoon	pragtig	helderblou	groen	bruin
vuil	goue oë	snaaks	geplooi	

Voor	Na

Ons skryf

Kyk na die opskrif en die eerste sin van die gediggie op die volgende bladsy. Hulle vertel jou waaroor die ander sinne, die ondersteunende sinne, gaan. Die ondersteunende sinne vertel jou op hulle beurt meer oor die hoofsin. Maar daar is sinne wat nie in die gedig behoort te wees nie. Hierdie sinne vertel jou nie meer oor die hoofidee nie. Moenie daardie sinne insluit wanneer jy die gediggie oorskryf nie.

Die Pou



Poumannetjie wat spoggerig waaierstert loop,
Vrolike klein mossie
Jy is so mooi, ek wil jou net koop.
Jou kleur weerkaats die son soos 'n reënboog,
In elke groen veer blink 'n blitsende tieroog.
Jy wip hiernatoe, en dan weer daarnatoe
Jou bewegings is pragtig, trots en elegant,
Jy skree die hele werf aan die brand.
Jou prag en praal is glo jou beloning,
Tjiep! Tjiep! roep jy na jou maatjies
Van die mooi voëls bly jy nog die koning.

Herskryf die gediggie sonder die sinne wat nie daarin hoort nie.

Datum:

Mak pou te koop

Ons lees

Pou te koop in Nelspruit: pragtige blou pou te koop. 14 maande oud. Hans grootgemaak, mooi geaardheid, heeltemal mak. Krys oortreders van die eiendom af. Woon in tuin as troeteldier en loop nie rond nie. Slaap snags in tuinhuisie of buitegebou. Verdra ander voëls goed.



R250 kontant

Bel mev. Nothnagel by

083 041 5678



Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

1) Wat wil mev. Nothnagel verkoop?
2) Hoeveel wil sy vir die voël hê?
3) Wat beteken "Krys oortreders van die eiendom af"?
4) Dink jy die voël is mak of wild? Gee redes vir jou antwoord.
5) Is die voël aangenaam tussen ander diere? Gee redes vir jou antwoord.
6) Wat doen 'n mens gewoonlik met 'n tuinhuisie?



Ons skryf

Trek 'n streep van die frase aan die linkerkant na die woorde aan die regterkant wat die sin voltooi.

Die pou het elke dag trots	om mooi en gesond te bly.
Sy vere was	in die tuin gekrys.
Hy het bedags	om die pouwyfies gestap.
Hy het in 'n sirkel	'n pragtige helderblou kleur.
Hy het sy kos geëet	in die tuin rondgestap.

Ons skryf

Skryf jou eie gedig oor 'n pou. Jy kan woorde en idees gebruik wat jy in hierdie werksblad kry.

- Jou gedig moet ses reëls lank wees.
- Doen in die eerste drie reëls die volgende:
  Beskryf hoe die pou lyk.
- In die laaste drie reëls:
  Beskryf die geluid wat die pou maak en die manier waarop hy beweeg.



Datum:

Op soek na 'n goeie huis

Ons skryf

Mev. Nothnagel wil haar pou verkoop. Mense verkoop nie gewoonlik hul troeteldiere nie, maar partykeer moet hulle dit doen. Verbeel jou jy moet 'n troeteldier van jou verkoop. Skryf 'n advertensie daarvoor.

In jou advertensie moet jy seker maak dat jy:

- Die dier beskryf
- Sê wat hom spesiaal maak
- Sê hoeveel hy kos

Skryf jou naam en telefoonnommer sodat mense met jou in aanraking kan kom.
As jy wil, kan jy 'n prentjie van jou troeteldier hier teken.



Ons skryf

Verbind die doenwoorde (werkwoorde) in die linkerkantste kolom met die regte selfstandige naamwoorde in die kolom regs, en maak 'n mooi sin met elke kombinasie in jou klaswerkboek.

aanwerk		'n tjek
poets		'n jas
vou		'n vorm
ophang		water
teken		skoene
invul		'n bal
vang		papier
plas		'n knoop

Ons praat

Wat beteken dit?

Jy het die storie gelees van 'n lelike pou wat mooi geword het. Wat dink jy beteken "so trots soos 'n pou"?

Praat nou oor hoe jy die volgende verstaan:

- 'n Geheue soos dié van 'n olifant
- So mal soos 'n haas
- So stil soos 'n muis
- So steeks soos 'n donkie





Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

Die leeu en die muis

Ons praat

- Dink jy 'n klein diertjie kan 'n groot een help? Op watter manier?
- Weet jy van enige Bybelverhaal waarin 'n klein mens 'n grote oorwin het?
- Dink jy dis altyd belangrik hoe groot iets of iemand is? Gee redes vir jou antwoord.

Ons lees



Eendag staan twee klein, grys muisies en kyk hoe 'n kwaai leeu in die son lê en slaap. "Hardloop oor sy neus," sê die een. "Kyk of hy wakker word!"

Toe hardloop die lawwe muis oor die leeu se snoet, en wat gebeur? Natuurlik word die leeu wakker en vang die muis in sy yslike poot.

Die reusagtige leeu was vies en op die punt om die piepklein grys muisie op te vreet. "Ag, moenie my eet nie, leeu," smeek die rittelende muis. "Eendag sal ek jou help!"

Die leeu lag. "Jy? Jy is te nietig om enigiemand te help, ou muisie! Jy kan my nie help nie!" En, omdat hy nie regtig honger was nie, laat die leeu die muis los.



Eendag kort daarna hardloop die leeu deur die veld. Skielik hardloop hy in 'n strik in wat mans gestel het om 'n bok te vang. Dit is 'n yslike net waarin die leeu vasgevang is. Hy kan nie beweeg nie, maar hy kan brul.

"Help! Help! Help!" brul hy. "Red my uit hierdie strik."

'n Rukkie later kom 'n bok verby. "Ek sal jou nie help nie," sê die bok. "Verlede week het jy my broer opgevreet."

Kort daarna hop 'n hasie verby. "Ek gaan jou nie help nie," sê die hasie. "Verlede week het jy my ma opgevreet."

Toe kom die grys muisie aangedraf. "Verlede week het jy my nie opgevreet nie," sê sy. "Ek sal jou help."

En daar begin die grys muisie aan die net knibbel. Sy knibbel en sy knaag. Laat daardie middag is die gat in die net groot genoeg vir die leeu om uit te klim.

"Dankie, vriendjie. Nou weet ek dat klein diertjies groot diere soos ek kan help," sê die leeu.



- Dink jy hierdie verhaal kan die waarheid wees? Gee redes vir jou antwoord.
- Dink jy hierdie storie leer ons 'n les? Wat dink jy is die les?
- Het jy al ooit enige mens of enige dier gehelp?
- Vertel vir die klas vir wie jy gehelp het en hoe jy die persoon of dier gehelp het.



Ons skryf

Kry in die storie woorde wat "klein" of "groot" beteken.
Skryf hulle in die regte kolomme.

klein	groot



Datum:

Ons dink oor die leeu en die muis

Ons verstaan

Lees weer die storie van die leeu en die muis en beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

'n Fabel is 'n storie wat vir ons 'n les oor lewenswaardes leer.

1) Kan jy aan 'n ander titel vir hierdie storie dink?

2) Dink jy die storie van die leeu en die muis leer ons 'n les? Wat dink jy is daardie les?

3) Kyk na hierdie spreekwoorde en sê watter een pas by die storie:

	Moenie slapende honde wakker maak nie.
	As twee hande mekaar was, word albei skoon.
	Wanneer die kat weg is, is die muis baas.
	Die doel heilig die middele.

4) Waarom het die muis die leeu gepla?

5) Waarom het die leeu besluit om nie die muis te eet nie?



Ons skryf

Verbind die eerste helfte van die sin met die tweede. Skryf dan die korrekte sin in die spasie onder.

1.	Die yslike leeu was	dat die leeu haar lewe moes spaar.
2.	Die muisie het aanhoudend gesmeek	'n goeie stel skerp tande.
3.	Die leeu het in 'n strik beland want	vas aan die slaap in die son.
4.	Die muis het iets gehad wat nuttig was –	hy so trots en eiewys was.
5.	Die leeu moes om verskoning vra omdat	hy het nie mooi gekyk waar hy hardloop nie.

1)

2)

3)

4)

5)

Aa Bb Cc Dd Ee Ff Gg Hh Ii Jj Kk Ll Mm

Ons skryf

Voltooi die sinne in die tabel. Skryf die volledige sinne onder die tabel.
Moenie vergeet om met 'n hoofletter te begin en met 'n punt af te sluit nie.

Die leeu wou die muis eet	omdat
Die leeu het besluit om nie die muis op te vreet nie	omdat
	omdat die muis klein was.
Die bok het geweier om die leeu te help	omdat
Die leeu het gedink hy is baie belangrik	omdat
	omdat die muis hom gered het.

Vir die pret

Kompeteer met jou maats om te kyk hoe vinnig julle hierdie oefening kan doen.

Gaan na die storie van die leeu en die muis.

- Onderstreep 'n woord wat kwaad beteken.
- Omkring 'n woord wat bewende beteken
- Kleur 'n woord in wat beteken om stukkie vir stukkie te kou.
- Trek 'n kruisie (X) langs 'n woord wat ons gebruik vir 'n groot oop stuk grond.
- Maak 'n regmerkie langs 'n woord wat pleit beteken.



Datum:

Serena resenseer 'n Afrika-storie

Ons lees



Leeus in die middag

Geskryf deur Mary Pope Osborn, geïllustreer deur Sal Murdocca
Resensie deur Serena

Hierdie storie handel oor Jack en Annie, wat die vlaktes van Afrika besoek. Hulle sien daar verskillende diere soos kameelperde, sebras en wildebeeste.
Die raaisel wat hulle in die storie moet oplos, is die volgende: "Ek is goud van kleur en so soet soos stroop, maar dis doodsgevaarlik om naby my te loop." Hulle los die raaisel op voor hulle na hulle land teruggaan.

My gunstelingdeel van die storie is waar die olifant Annie met sy slurp natspuit. Die boek is amusant want Annie speel aanhoudend met diere, maar Jack wil nie hê sy moet dit doen nie want hy is bang sy kom op die leeus af. Ek hou ook van die deel waar Jack en Annie die Masai-vegter ontmoet en hulle grondboontjiebotter met hom deel. Die prentjies in die boek herinner my aan die diere wat ek by die dieretuin sien.

Ek dink kinders sal van hierdie boek hou, want 'n mens leer van die verskillende diere in Afrika en dis opwindend.

Ons verstaan

- Wie het die boek geskryf?
- Wie het die prentjies vir die boek geteken?
- Wat is Serena se gunstelingdeel van die boek?
- Wat is die antwoord op die raaisel wat Jack en Annie moet oplos?
- Watter deel van Afrika dink jy het hulle besoek? As jy nie weet nie, vind uit waar die Masai-vegters vandaan kom.
- Teken 'n prentjie wat by die boekresensie pas.

Ons skryf

Kies die korrekte woord uit die kassie om die sinne te voltooi.



stadigste	langs	voor	agter	vinniger as

Die leeu is _____ die muis.

Die muis is _____ die leeu.

Die bok is _____ die haas.

Die leeu is_____ die haas.

Die jagter is die _____ van hulle almal.

Ons skryf

Kyk na die prentjie van die muis wat die leeu uit die strik help. Skryf in die spraakborrels wat jy dink hulle vir mekaar sê.



Datum:

Sê hallo vir die seekoeie

Ons skryf

- Skryf 'n storie.
- Kyk na die prentjies en sleutelwoorde om jou storie te beplan.
- Begin met 'n spinnekopkaart. Gebruik 'n stuk rofwerkpapier daarvoor.
- Vul die sleutelwoorde op die spinnekopkaart in.
- Redigeer jou storie om foute reg te maak sodat jy jou storie verbeter.

Sleutelwoorde
Modderige rivier, riete langs die rivier, veldgrasse, tuiste van 'n seekoeigesin
Moenie dit doen nie, behulpsame voëltjie, vlooie en bosluise, ma en pa
Geen hulp nie, rol om, laspos
Het nie 'n vriend nodig nie, soos vlooie en bosluise
Vlooie en bosluise byt aanhoudend, om die modder af te spoel
Sien die reier, help asseblief, sal jou nie laat verdrink nie, nou beste maats















Onderwyser

Datum:

Handtekening:





3















Datum:

'n Baie spesiale konyn



Ons praat

Kyk na die prente.

- Kyk na die prent aan die linkerkant. Wat sien jy?
- Kyk na die prent aan die regterkant. Wat sien jy?
- Is die prente verskillend?
- Wat is die verskille?

Ons lees

Red die rivierkonyn





Rivierkonyne word net in Suid-Afrika aangetref, in die Karoo. Ongelukkig is hulle ons mees bedreigde soogdiere. Hulle loop gevaar om vir ewig te verdwyn.

Rivierkonyne woon langs riviere in die Karoo. Die grond daar laat hulle toe om holtes te grawe. Rivierkonyne het gate nodig om hul kleintjies in groot te maak. Die kleintjies is baie klein wanneer hulle gebore word – net 'n bietjie groter as 'n vuurhoutjiedosie.

Sommige boere het die grond langs die riviere omgeploeg. Dus is die bosse en struike wat rivierkonyne nodig het, vernietig. Daar is al hoe minder plekke waar hierdie konyne kan woon en hul kleintjies kan grootmaak.



Die Suid-Afrikaanse Natuurlewevereniging probeer om die rivierkonyne te red. Party boere in die Karoo het ingestem om die konyne op hul plase te beskerm. Daar is ook 'n teelprogram by die De Wildt-natuurreservaat. Daar word die konyne in veiligheid geteel. Hulle beoog om hierdie konyne weer na die Karoo, waar hulle hoort, terug te bring.



Ons praat

- Waaroor handel die storie?
- Is rivierkonyne soos gewone konyne?
- Hoekom dink jy word hulle rivierkonyne genoem?
- Is die rivierkonyn in gevaar? Sê hoekom.









Ons skryf

Pas in elke ry die eerste woord in die wit kolom by sy betekenis uit die lys.
Sommige van die woorde in die lys beteken amper dieselfde ding. Kies die beste woord.
Skryf die woorde in die wit kolom asook die woorde wat dieselfde betekenis het (sinonieme) in jou woordeboek.

bedreigde	weg	ongelukkig	sterf uit	aaklig
soogdiere	voëls	bye	diere	paddas
verdwyn	raak minder	sterf weg	vermeerder	verskyn
holtes	tonnels	putte	gate	bome
vernietig	bang	beseer	verlate	beskadig



Datum:

Dink na oor die rivierkonyn



Ons verstaan Beantwoord die vrae volledig in jou klaswerkboek.

1) Waar word die rivierkonyn aangetref?
2) Hoe groot is die babas wanneer hulle gebore word?
3) Hoekom is daar so min rivierkonyne oor? Skryf twee sinne.
4) Wat doen die boere om die rivierkonyn te red? Skryf twee dinge neer.



Ons skryf Skryf die teenoorgestelde van die woorde hieronder neer. Kies die beste een uit die kassie en skryf 'n mooi sin waarin jy die teenoorgestelde vorm van die woord gebruik.

veiligheid	weier	onveilig	verlaat
somer	reg	soortgelyk	vroulik
eenders	in gevaar stel	anders	toestem

manlik _____

_____

gevaar _____

_____

instem _____

_____

terugkom _____

_____

verskillend _____

_____



Ons skryf

Al hierdie sinne handel oor die rivierkonyn, maar vyf daarvan handel oor een onderwerp en twee pas nie in nie omdat dit oor iets anders handel.
Watter sinne pas nie in nie?

	Rivierkonyne woon langs die rivieroewers in die Karoo.
	Die grond in die Karoo is goed om hulle holtes in te grawe.
	Hulle eet plante wat langs die rivier groei.
	Die babas is so groot soos 'n vuurhoutjiedosie.
	Hulle loop gevaar om te verdwyn.
	Boere ploeg langs die riviere en vernietig hulle holtes.
	Die kleintjies is baie klein.





Ons skryf

Skryf die sinne hieronder oor asof elkeen iets in die verlede beskryf.

Daar is baie rivierkonyne in die Karoo.

Baie kleintjies word elke jaar gebore.

Boere ploeg die grond langs die rivier om.

Hulle vernietig die bosse en plantegroei.

Datum:

Getalle vertel 'n hartseer verhaal

Ons lees

Kyk na die grafiek. Lees die getalle aan die linkerkant en die datums aan die onderkant.





Ons verstaan

Beantwoord die eerste vier vrae in jou klaswerkboek.

1) Wat wys die grafiek?
2) Hoeveel rivierkonyne was daar in 1995?
3) In watter jaar was daar die minste rivierkonyne?
4) Het die getal rivierkonyne tussen 2005 en 2010 gestyg? Hoekom?

Die konyne is 'n bedreigde spesie. Wat beteken dit?
Kies een van die drie antwoorde hieronder.

	1. Hulle loop gevaar om vir altyd te verdwyn.
	2. Hulle word na 'n ander deel van Suid-Afrika verskuif.
	3. Hulle word na plase buite die Karoo verskuif.

Skryf 'n paragraaf oor die daling in die getal rivierkonyne tussen 1995 en 2010. Jou paragaaf moet nie meer as agt reëls wees nie.

Ons skryf

Wat word die babas van hierdie diere genoem?
Skryf die korrekte woorde in die oop spasies.

Daar is baie hoenders in die hok.

Daar is baie _____
in die hok.

Die leeus woon in die wildtuin.

Die _____ woon in die
wildtuin.

Daar swem baie walvisse in die see.

Daar swem baie _____
in die see.

Die perde galop oor die veld.

Die _____ galop oor die
veld.

Die koeie eet die groen gras.

Die_____ eet die groen
gras.



Het jy opgelet dat twee van die woorde wat jy ingevul het dieselfde is? Bespreek met die klas waarom jy dink die twee dieselfde is.

Datum:

Gee om vir ons diere

Ons skryf

Daar is foute in hierdie kennisgewing. Maak dit reg. Trek 'n streep deur die verkeerde woord. Trek dan nog 'n streep van die woord af na die linkerkant van die kassie en skryf die korrekte woord daar.



Rivierkonyne

Rivierkonyne loop gevaar om uit die Karoo te verdwein.

Die minisipaliteit vra dat boere in die omgewing dadelik ophou om die grond langs die rivieroewers om te ploeg.

Alle rivierkonyne is nou beskermde diere. Enigeen wat die konyne seermaak, sal met R1 000 beboet word.

In opdrag van die burgemeester



Ons skryf

Verbeel jou dat witmuise gevaar loop om te verdwyn. Gebruik die kassie regs om 'n kennisgewing te skryf om teen 'n boom in jou gemeenskap op te sit. Sluit die volgende in jou kennisgewing in:

1. Vra lede van jou gemeenskap om verantwoordelikheid vir 'n paar muise te aanvaar.
2. Verduidelik hoekom jy wil hê hulle moet die muise hou.
3. Sê vir hulle dat hulle spesiale kaas vir die muise moet voer.

Die kennisgewing moet in opdrag van die Minister van Diere wees.

Die einde van die muis



Ons skryf

Kyk na hierdie gedig.
Die eerste letters van elke reël maak 'n woord.

Hoekom moet ons diere sterf?
Omdat ons nie omgee nie
Niks mag verwaarloos word nie
Dus moet ons vir hulle sorg!

Skryf 'n gedig van jou eie op dieselfde manier. Jou gedig moet oor water handel. Gebruik dus die woord WATER om vir jou die eerste letter van elke reël te gee.

W

A

T

E

R

Ons skryf

Omkring die woord wat met die eerste woord rym.
Een van die reëls het twee woorde wat rym. Kan jy hulle kry?

heel	heul	meel	half	seël
half	dalk	kalf	self	golf
wind	sing	band	wend	kind
luid	suid	tyd	bult	lomp
skryf	skrif	vryf	skree	seil

Vir die pret

Ontsyfer die kode.
Gee vir elke letter van die alfabet 'n nommer. Begin met A = 1, dus:

A = 1	B = 2	C = 3	D = 4	E = 5	F = 6	G = 7	H = 8	I = 9
J = 10	K = 11	L = 12	M = 13	N = 14	O = 15	P = 16	Q = 17	R = 18
S = 19	T = 20	U = 21	V = 22	W = 23	X = 24	Y = 25	Z = 26	

Werk nou uit wat die volgende sê:

8 15 21 _____

10 25 _____

22 1 14 _____

12 5 5 19 _____

Datum:

Die dansende by

Ons praat

Kyk na die prente en gesels daaroor.

Ons lees

Dansende bye



Dink aan 'n warm somersdag. Verbeel jou jy sit buite in die son en drink 'n yskoue koeldrank. Jy hoor niks behalwe 'n lae zoemgeluid. Dan hou die zoemgeluid op. Jy steek jou hand uit om jou koeldrank op te tel en dan sien jy dit: 'n klein, bruin, wollerige insek is besig om die rand van jou glas te lek. Dit is 'n by! Dis inderwaarheid 'n kossoekerby wie se werk dit is om kos vir die ander bye in die korf te soek.

Na 'n minuut of twee vlieg die by weg om vir die ander bye te gaan vertel wat hy gekry het.



Die eerste ding wat hy doen wanneer hy by die korf kom, is om die ander bye opgewonde te maak. Hy doen dit deur in klein sirkeltjies te hardloop. Wanneer die by sy dans doen, skud hy partykeer sy lyf ook. Al die bye drom om hom saam om die sap aan die kossoekerby te ruik. Hulle gebruik hul voelers om te ruik, dus raak hulle met hul voelers aan die sap.

As die bye van die smaak en geur van jou koeldrank hou, gee hulle noulettend aandag aan die kossoeker. Die kossoeker hou aan om met hulle te praat deur vir hulle te dans en sy lyf te wikkel. As hy sy lyf baie vinnig skud, is die kos

ver weg. As hy stadiger beweeg, is die kos naby. Nou weet die bye hoe ver om te vlieg om jou koeldrank te gaan drink.

Moet dus nie te stadig aan jou koeldrank drink nie; jy mag vind dat jy dit met 'n paar honderd honger bye moet deel!



Ons praat

- Werk bye alleen of werk hulle met ander bye saam?
- Hoekom dink jy is dit so?
- Watter voordele het samewerking?
- Hou jy daarvan om met mense saam te werk of hou jy daarvan om alleen te werk? Sê hoekom.

Ons skryf

Pas die eerste woord in elke ry by sy betekenis uit die lys. Sommige van die woorde in die lys het amper dieselfde betekenis. Kies die beste woord. Skryf die woorde links en die bypassende woorde in jou woordeboek.

rand	deksel	raam	kant	grens
korf	bynes	heuningkoek	swerm	sny
kossoeker	eter	rower	voersoeker	plunderaar
voelers	vingers	antennes	lugdraad	ontvanger
wikkel	swaai	wriemel	skud	draai

Teken prente vir hierdie sin.

Die by het oor die veld gevlieg na 'n klein meisie wat onder 'n boom gesit en sap drink het. Sy het probeer om die by met haar linkerhand weg te jaag, en toe mors sy van die sap wat in haar regterhand was.

Datum:

Dink na oor bye en heuning

Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

Kyk weer na die storie oor die bye.

1) Hoekom proe die by aan die meisie se koeldrank?
2) Hoekom gaan die by terug na die korf toe?
3) Wat doen die ander werkbye om te sien of hulle hou van wat die kossoekerby gekry het?
4) Wat beteken die woorde "noulettend aandag gee"?

1.	om baie mooi dop te hou
2.	om so naby moontlik aan die by te kom
3.	om rondom die by saam te drom

5) Wat doen die bye om te wys of die kos ver of naby is?

Ons skryf

Voltooi die sinne.
Gebruik die woorde in die kassie.

ruik	hoor	sien	voel	smaak

My ma het koekies met heuning en hawermout gemaak.

Ek kon hulle  _____ in die oond.

As ek mooi kyk, kan ek  _____

hoe die bye na hulle korf toe vlieg.

Hoe  _____ dit om aan 'n

by te raak?

Los jou koeldrank! Luister, ek kan honderde bye in

ons rigting  _____ aankom!

Wil jy 'n happie van my heuningbroodjie hê?

Dit  _____ heerlik.





Ons skryf

Hierdie sinne is in drie dele verdeel en geskommel. Pas die dele bymekaar.

Voorbeeld:

My onderwyseres eet haar heuningtoebroodjie.

Bye	kyk na	in hulle korf.
Die meisie	huil	haar heuningtoebroodjie.
Party seuns	maak	oor haar heuningfopspeen.
Die baba	eet	om heuning uit die korf te haal.
My gesin	probeer	'n heuningtoebroodjie vir haar onderwyseres.
My onderwyseres	zoem	'n TV-reeks oor bye.

Ons skryf

Plaas hierdie sinne in die regte volgorde.
Nommer hulle van 1 tot 6.



Kom ons maak 'n heuningtoebroodjie

	Eet so gou moontlik.
	Drup heuning oor die gebotterde sny brood.
	Sit die een sny brood bo-op die ander een.
	Smeer met 'n bottermes botter op een kant van die sny brood.
	Neem twee snye brood.

Datum:

Harde werk en huise

Ons lees

Sê vir my, besige by,
Waarheen gaan jy?
Wat is dit wat jy opmerk?
Speel jy of gaan jy werk?

Ek vlieg na die tuin toe
Om aan die rose te proe
Hulle smaak lekker soet
Vir heuning is dit 'n moet!

Ons verstaan

Bespreek hierdie vragies in die klas.

- Watter vraag vra die persoon?
- Met wie praat hy of sy?
- Wie beantwoord die vraag?
- Waarheen gaan hy?
- Wat gaan hy doen?

Ons skryf

Waar woon hierdie diere?
Kies die beste woord uit die kassie en voltooi die sinne.

hok	nes	korwe	holtes	kraal

Die bye maak heuning in hul _____.

Hase bly in hul _____ as dit baie warm is buite.

Die koeie staan in die _____ en wag om gemelk teword.

Die hond slaap snags in sy _____.

Die voël se _____ is vol nuwe eiertjies.

Ons skryf



Lees die woorde in die kassie. Pas elke woord in die boonste reël by 'n woord in die onderste reël wat die teenoorgestelde betekenis het. Skryf dan 'n sin met elke woord.

hard	soet	lig	af	op	warm
aan	af	suur	donker	koud	sag



Voorbeeld

Wanneer my ma die kos opskep, is dit warm.
Indien ek dit nie dadelik eet nie, word dit koud.

Datum:

Benoem die dele van 'n by

Ons skryf

Sien jy die buitelyne in hierdie prent van 'n by?
Hulle is daar sodat jy vir die tekening die regte byskrifte kan gee deur die regte woord op elke lyn te skryf.
Gebruik die woorde in die lys om byskrifte te gee.

1 buisvormige tong
2 vlerk
3 kop
4 oog
5 pote
6 voelers



Teken nou jou eie by en gee dieselfde byskrifte.

Ons skryf

Kyk weer na die storie oor bye aan die begin van hierdie werkvel.
Lees die beskrywing van hulle dans. Verbeel jou jy is 'n werkby.
Jy het heerlike kos gekry en het korf toe gegaan om vir die ander bye te vertel waar die kos is en wat die kos is. Maak jou eie dans op om vir die bye in jou korf alles te vertel wat hulle moet weet. Skryf dan 'n sin oor wat jy vir hulle sê wanneer jy elke bybeweging maak.

Wanneer ek in klein sirkeltjies rondhardloop, sê ek: "Ek het kos gekry."

Ons skryf

Jy is 'n byeboer. Teken 'n advertensie vir jou heerlike heuning om as 'n etiket op jou heuningpotjies te plak.
Gee vir jou heuning 'n naam. Skryf dit bo-aan jou etiket.
Skryf 'n advertensie vir die heuning op die etiket daaronder.
Vertel vir mense vyf dinge oor jou heuning.
Jy kan van die idees hieronder gebruik. Jy kan ook jou eie woorde gebruik.

- 10 000 bye het saamgekom om hierdie heuning te maak.
- Heuning is so goed soos goud!
- Die bye van Suid-Afrika het die hele somer baie hard gewerk.
- Om een kilogram heuning te maak, vlieg bye tot agt keer van Johannesburg af Kaapstad toe en terug.
- Dis heerlik op brood en in jou tee.
- Dis heerlik om net so te eet.
- Dit smaak suikersoet.
- Gemaak deur gesonde, gelukkige bye.



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

Die ongelooflike kangaroe

Ons praat

- Kangaroes kom net in Australië voor. Watter dier waarvan jy geleer het, kom net in Suid-Afrika voor?
- Weet jy enigiets van kangaroes? Indien wel, wat?
- Kyk na die prente van die kangaroe. Gesels oor die prente.

Ons lees

Ontmoet die kangaroe – 'n wonderlike ma en 'n baie vinnige springer.

As iemand jou sou vra om 'n dier te skep wat vreemd lyk, sou dit waarskynlik vir jou moeilik wees om aan 'n dier te dink wat vreemder en interessanter as die kangaroe is.

Kangaroes kom net in Australië voor. Hulle eet gras en beweeg deur te hop. Hulle is baie vinnig en kan teen 60 kilometer per uur beweeg. Hulle kan tot drie meter hoog spring.

Die kangaroe gebruik sy twee voortande om te kou. Wanneer daardie tande afgeslyt is, val hulle uit. Die volgende paar tande beweeg vorentoe in die plek van die oues. Teen die tyd dat 'n kangaroe twintig jaar oud is, gebruik hy sy laaste stel tande. As hierdie tande geslyt is, sal die kangaroe van honger doodgaan.



Die kangaroema het 'n buidel. Sy dra haar baba, wat in Engels 'n "joey" genoem word, in hierdie sak totdat hy vir homself kan sorg.

Die manier waarop die klein kangaroetjie groei, is fassinerend.

Nadat hy drie-en-dertig dae lank in die ma se baarmoeder gedra is, word die baba gebore. Hy lyk soos 'n blinde, pienk wurm. Hy is ongeveer drie sentimeter lank. Sy agterpote het pas begin groei.

Sy voorpote, wat baie klein is, is net sterk genoeg om hom te help om in sy ma se buidel te klim. Hy bly meer as ses maande in die ma se buidel en drink melk van die ma. Gedurende hierdie tyd groei hy van 'n blinde, pienk wurm tot 'n klein kangaroetjie met 'n pels. Die voor- en agterpote groei sterk. Die ore, oë en neus ontwikkel ook ten volle.



Wat 'n wonderlike ma is 'n kangaroe nie!

Ons praat

- Dink jy die kangaroe is 'n dier wat vreemd lyk? Hoekom?
- Op watter manier is die kangaroe se tande anders as jou tande?
- Hoe beweeg die kangaroe rond?
- Dink jy hulle is goeie moeders? Hoekom?



Ons skryf

Kies die woord in elke ry wat die naaste betekenis aan die woord links het. Skryf hierdie ingekleurde woorde en hul sinonieme in jou woordeboek.

vreemd	snaaks	eienaardig	uitlands	skaars
buidel	drasak	beursie	tas	koffer
fassinerend	betowerend	aantreklik	oulik	boeiend
ontwikkel	groei	uitbrei	rek	vergroot

Datum:

Dink na oor kangaroes

Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

1) Hoe vinnig kan 'n kangaroe beweeg?
2) Met hoeveel tande eet die kangaroe?
3) Waarom het die ma 'n buidel?
4) Hoe lank bly die kangaroetjie in die ma se buidel?

Ons skryf

Gebruik die inligting in die tabel om 'n feitelike paragraaf oor die kangaroe te skryf. Onthou om hoofletters en leestekens te gebruik.

Naam:	kangaroe
Hoogte:	0,6-1,5 m
Gewig:	18-95 kg
Topspoed:	55 km/h
Hoe lank leef hulle:	4-10 jaar
Kleur:	taan, bruin, grys
Gunstelingkos:	gras

Ons skryf

Moeder Kangaroe is bekommerd oor haar baba. Sy roep hom en hy hop terug na haar toe. Hier is 'n gedeelte van hul gesprek. Jy moet die res invul.

KANGAROE: Hoppie, waar is jy? Kom dadelik huis toe!

BABA: _____

KANGAROE: Ek het vir jou gesê jy moet halfses terug wees in my buidel. Jy weet dit word vroeg donker in die winter en dit is nie veilig vir jou om in die nag buite te wees nie!

BABA: _____

KANGAROE: _____

BABA: Ag Mamma, ek het lekker pret gehad. Kan ons nou aandete eet?

KANGAROE: _____

BABA: _____

KANGAROE: _____

BABA: Lekker slaap. Ek is lief vir jou!



Ons skryf

Verander hierdie sinne in vrae. Begin elke vraag met die woord tussen hakies. Moenie die vraagteken vergeet nie.



Voorbeeld

Kangaroes woon net in Australië. (woon)
Woon kangaroes net in Australië?

Kangaroes eet gras, bessies en neute. (wat)

Kangaroes spring drie meter hoog. (hoe)

Kangaroes woon in Australië. (waar)

Kangaroes is baie goeie moeders. (is)

Die kangaroe dra haar baba in haar buidel. (waar)

Datum:

Op en af

Ons lees



Die vis sê vir die kangaroe,
"Genugtig! Maar jy kan darem hop!
Oor die veld op en af,
Dit lyk kompleet asof jy galop!
Ek raak so verveeld hier in die poel,
Ek wil ook weet hoe die buitewêreld is!
Ek wens ek kon ook hop soos jy!
Kan ek maar by jou kom bly?"

Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.



1) Met wie praat die vis?
2) Hoe voel die vis oor haar lewe in die poel?
3) Wat wil sy graag doen?
4) Waarheen wil sy graag gaan?
5) Dink jy die vis sal daarvan hou om te kan vlieg? Sê hoekom.

Ons skryf

Vul die ontbrekende werkwoorde in die volgende sinne in. Gebruik net is of word.

Die ma kangaroe _____ 'n wonderlike moeder.

'n Kangaroetjie _____ veilig in sy ma se buidel gedra.

Australië _____ die tuiste van die kangaroe.

Wat _____ die sak genoem waarin die baba gedra word?

Wat _____ die gunstelingkos van kangaroes? Dit _____ gras genoem.

Ons skryf



Maak pare teenoorgesteldes van die woorde in die kassies.
Skryf dan 'n sin met elkeen van die pare woorde.

vinnig	baie	hoog	links	snaaks	groot
min	regs	ernstig	klein	laag	stadig

Voorbeeld:

'n Kangaroe is 'n groot soogdier maar die skilpad is klein.



Datum:

Finny skryf 'n poskaart

Ons skryf



Help Finny om die foute op haar poskaart reg te maak voordat sy dit vir Pieter Padda stuur. Onderstreep elke fout en skryf die korrekte woord daaronder neer.

Liewe Pieter

Kyk net hoe spreng mnr Hoogspring Kangaroe!

Vens jy nie jy kan ook so hoog soos hy spring nie?

Verbeul jou net wat jy ales sal kan sien! Die dakke van

die geboue, vliers, ander dame, riviere en meere.

Hoop dit gaan goed.
Liefde

Finny

Seël

Mnr Peter Padda
Die Poel
Moerasplaas



Ons skryf

Verbeel jou jy is 'n kangaroe. Jy moet tot onder in die vallei hop waar daar heerlike kos is om te eet. Probeer om soos 'n kangaroe te hop.



Skryf nou 'n paragraaf oor jou heerlike maaltyd.
Gebruik hierdie woorde om jou te help.

honger	beste plek om te kry		soek	
heerlik	smaaklik	neute	bessies	sampioene

plantegroei soos gras, wortels en struike
insekte soos sprinkane, miere en kewers

kou die kos	sluk die kos

Vir die pret

Hier is die leidrade. Jy moet die woorde vind. Almal begin met 'n "v" en jy kan die letter sien waarmee elkeen eindig. Jy vul die res in.

'n Klein diertjie met vlerke	v_ _ _ _ _ _ _e
Om aan iets te raak	v_ _ _l
Eienaardig	v_ _ _ _ _d
Om vir iemand kos te gee	v_ _ _d
Jy loop daarmee	v_ _ _t _
Die teenoorgestelde van nader	v_ _ _ _ _r

Datum:

Ontmoet 'n paar Afrika-olifante

Ons praat

Gesels oor die prent.



Ons lees

Ons eie olifante

Het jy al ooit 'n olifant gesien? Het jy al ooit aan 'n olifant geraak? Het 'n olifant al ooit vir jou 'n groot nat soen met sy slurp gegee?

Indien nie, kom ontmoet 'n paar van hierdie baie besondere diere!

Amarula

Hy is die oudste bul by die Hartebeespoort-olifantreservaat. Hy het die grootste gedeelte van sy lewe in dieretuine deurgebring voordat hy na hierdie reservaat toe gekom het. Hy is baie lief vir mense. Hy het net een tand – hy het sy regterkantse tand al jare gelede verloor.

Khumba

Khumba is die matriarg, die "ma" van die trop by die reservaat. Sy geniet al die aandag wat sy kry en kyk altyd na die ander olifante. Sy is mal oor water en bring baie tyd in die water deur.

Masadi

Masadi is 'n klein bietjie groter as ander 15-jarige olifante. Sy is "tweede in bevel" en help om die familie bymekaar te hou. Sy hou daarvan om by die ander olifante te wees en kan baie harder as hulle trompetter. Sy hou daarvan om haar eie stem te hoor. As daar dus 'n luide getrompetter uit die kampie kom, kan jy seker wees dit is Masadi wat "sing".

Temba

Temba is die "baba" van die trop en dit is vir haar baie lekker dat al die ander olifante na haar kyk en vir haar baie liefde en aandag gee. Sy is baie lief vir kinders en floreer op al die aandag wat sy van hulle kry.



Ons praat



- Wat is 'n reservaat?
- Hoekom dink jy is die olifante in 'n reservaat?
- Hoekom dink jy is daar net vyf olifante in die reservaat?
- Dink jy olifante hou daarvan om saam te wees of alleen te wees? Hoekom?



Ons skryf



Wat beteken die ingekleurde woorde? Omkring die woord met die naaste betekenis in elke reël. Skryf die ingekleurde woorde in jou woordeboek.

reservaat	plek van veiligheid	asiel	hotel	plaas
aandag	belangstelling	nuuskierigheid	snaaksigheid	verveeldheid
trompetter	raas	gesels	slurp	instrument
kampie	omheinde plek	huis met 'n dak	oop area	kaal area
floreer	gedy	uitbrei	toeneem	verhoog



Datum:

Dink na oor olifante



Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

1) Wie is die jongste olifant?
2) Wie is die oudste olifant?
3) Wie trompetter die hardste?
4) Watter olifant dink jy word die meeste bederf?
5) Wie hou daarvan om in die water te speel?



Ons kyk na die feite

Hierdie tabel gee vir jou 'n paar feite oor die Afrika-olifant. Skryf 'n paragraaf en gebruik hierdie feite.

Naam:	olifant
Gewig by geboorte:	120 kg
Topspoed:	40 km/h
Hoe lank leef hulle:	80 jaar
Kleur:	grys
Gunstelingkos:	blare en grondboontjies

Ons skryf

Dit is die name van manlike diere. Wat is die vroulike diere se naam?
Kies uit die woorde in die kassie. Maak dan 'n mooi sin waarin die vroulike dier se naam gebruik word.

hen	olifantkoei	merrie	sog	teef

olifantbul _____; _____

reun _____; _____

beer _____; _____

haan _____; _____

hings _____; _____

Ons skryf

Wat eet diere? Trek 'n streep tussen elke dier en wat hy gewoonlik eet.



Voorbeeld

hond	bene
olifant	vleis
leeu	gras
dolfyn	vrugte
aap	blare
bok	vis



Skryf die verkorte vorm van die woorde hieronder.
Moenie vergeet om 'n afkappingsteken te gebruik waar 'n letter ontbreek nie.

Dit is _____

Ek is _____

Om het ewe _____

Die laaste een het 'n vangplek – dink mooi!

Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

Datum:

Familie is die belangrikste

Ons lees







Woon olifante saam?

Olifante woon in gesinne. Verskeie gesinne woon saam in 'n trop. Die leier van die trop is gewoonlik die oudste vroulike olifant. Sy word die matriarg genoem. Al die babas en ander olifantkoeie volg haar.

Wat eet olifante?

Olifante eet plante. Omdat hulle sulke groot diere is, moet hulle baie blare eet, maar hulle eet ook gras en boombas – en vrugte as hulle dit in die hande kan kry! Hulle kan tot twintig uur per dag lank eet!

Tande

Olifante het twee tande. Die tande kom aan die kant van hul monde uit en kan tot drie meter lank word.

Ore en slurpe

Die ore van 'n volgroeide Afrika-olifant is amper twee meter lank en 120 sentimeter breed. Hulle flap soms hul ore om hulleself af te koel.

Olifante kan deur hul slurpe asemhaal. Hulle kan ook met hul slurpe ruik en dinge optel. 'n Olifant kan sy slurp gebruik om kos in sy mond te sit en kan selfs water daarmee spuit. Die slurp word ook gebruik om dinge mee te voel.

Hoe koel olifante hulleself af?

Wanneer dit warm is, hou olifante daarvan om in die water en modder te wees. Hulle gebruik hul slurpe om water en stof oor hul lywe te spuit. Plooie op hulle vel vang die water op en help hulle om af te koel.

Hoe praat olifante?

Olifante praat met mekaar deur 'n trompetagtige geluid te maak om mekaar te roep.



Hoe lank leef olifante?

Olifante kan tot tagtig jaar oud word.



Ons verstaan Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.



1) Wie is gewoonlik die leier van die trop?
2) Wat eet olifante?
3) Hoe haal olifante asem?
4) Hoe praat hulle?
5) Hoe lank leef hulle?



Ons skryf Maak een sin uit die twee sinne. Gebruik en, maar en omdat om die sinne te verbind. Skryf die nuwe sin onder elke paar sinne.

Olifanttande is baie groot.	Hulle groei 18 cm in 'n jaar.
Olifante eet boomblare.	Hulle eet nie vleis nie.
Mense moet olifante met respek behandel.	Hulle is ook deel van ons omgewing.
Olifante is gewoonlik links- of regs- "handig".	Hulle gebruik net een tand.
Olifante het 'n gemeenskap.	Hulle sorg vir mekaar en is lief vir mekaar.



Datum:

Olifante se vriende en bure

Ons skryf

Vul die korrekte woord in om elkeen van hierdie sinne te voltooi. Gebruik die woorde in die kassies.

saggies	vinnig	stadig	rustig	hard

Die jong olifant het baie _____ getrompetter.

Die ma-olifant staan_____ in die skadu van die boom.

Die bul gooi _____ water oor sy verrimpelde vel.

Die baba-olifant kou sy kos _____.

Die olifant loop _____ op sy groot pote.

Ons skryf

Mnr O.L.I. Fant het besluit om deur sy wildpark te toer.
Kyk na die foto's wat hy geneem het.
Hy wil 'n sin oor elke foto skryf. Help hom.
Gebruik die woorde in die kassie sowel as jou eie woorde.

apies wat swaai	eet vrugte	groot kameelperd
smaaklike blare	kwetter	pragtig





Ons skryf

Teken jou eie prent van 'n dier
waarvan jy hou. Skryf vier paragrawe oor die dier.

Sê in jou eerste paragraaf waar die dier woon en of hy alleen of in 'n groep woon.

Beskryf die dier in jou tweede paragraaf: hoe groot is hy en hoe lyk hy?

Verduidelik in jou derde paragraaf hoe jou dier kommunikeer: watter geluide hy maak?

Sê laastens hoe lank jou dier leef en of dit 'n bedreigde spesie is of nie.
(Onthou jy dat jy geleer het dat die rivierkonyn 'n bedreigde spesie is?)

Vir die pret

Lees hierdie gedig en voer dit op:

Oom Olifant loop swaar — (Beweeg stadig handeviervoet rond, soos 'n olifant.)
Met 'n stadige tred.
Hy's baie groot, — (Staan op, strek hoog op met jou arms.)
En hy's baie vet. — (Strek jou arms na die kante toe om te wys hoe vet die olifant is.)
Hy het nie vingers nie, — (Maak vuiste en steek jou vingers weg.)
En geen tone nie, dis waar! — (Wikkel jou tone.)

Onderwyser:
Datum:
Handtekening:























Datum:

Bou 'n gesonde liggaam

Ons praat

Kyk na die prente.

- Lyk hierdie kinders gesond?
- Hoekom sê jy so?
- Is jy gesond? Gee redes vir jou antwoord.
- Watter soorte kos is goed vir ons gesondheid?



Ons lees

Mignonne, die spierbouer

Mignonne Weideman is 'n onderwyseres met 'n verskil. Wanneer sy nie besig is om lesse voor te berei of haar leerders se boeke na te sien nie, is sy in die gimnasium, besig om te oefen. Mignonne is 'n kampioenliggaamsbouer. Mignonne het al verskeie kompetisies gewen sedert sy 'n liggaamsbouer geword het.



Mignonne het eers aërobiese oefeninge by die gimnasium gedoen. Maar nadat sy die mans met die gewigte sien oefen het tot die sweet hulle aftap, het sy van rigting verander. Hier is haar verhaal:

Ek het gesien hoe Joseph Mkhize met die gewigte werk. Ek was gefassineer. Ek wou dieselfde doen. Ek het eers gedink ek kan nie. Toe besef ek daar is geen wet wat sê dat vroue nie liggaamsbouers kan wees nie.

Ek het by Joseph aangesluit. Ek het eers gedink hy gaan vir my lag. Sy vriendelikheid het my egter verstom. Hy het vir my gesê watter kos om te eet en watter oefeninge ek moes doen om my spiere op te bou.

Liggaamsbou behels baie harde werk en toewyding. Ek het gou by die patroon van hierdie uitdagende sport ingeval. Dit was vir my lekker om te sien hoe my spiere groei. Nou bring ek twee en 'n half uur elke dag in die gimnasium deur, deur met gewigte te oefen.



Slegs behoorlike oefening gaan jou spiere ontwikkel. Jy kan jare in die gimnasium deurbring, maar as jy die verkeerde dinge doen, gaan jou liggaam nie ontwikkel nie.

Liggaamsbou het dus 'n uitwerking op hul totale lewens. Hulle leer om nee te sê vir baie dinge.

Dit is ook belangrik om reg te eet. Ek vermy kos met baie koolhidrate, soos rys en mieliemeel, omdat dit vet in jou liggaam opbou. Ek vermy ook suiker en sjokolade. Vetterige kos is ook sleg vir jou. Dus eet ek hoender sonder vel, vis, eiers, groente en vrugte. Dissipline is die sleutelwoord in liggaamsbou. Jong mense kan baie voordeel hieruit trek. Liggaamsbouers het respek vir hul liggame.





Ons praat

- Is dit vir jou vreemd dat 'n vrou in liggaamsbou belangstel? Verduidelik jou antwoord.
- Hoekom het Mignonne met liggaamsbou begin?
- Wie het haar geïnspireer om met liggaamsbou te begin?



Ons skryf

Pas die woorde links by hul betekenisse. Kies die beste woord. Skryf die ingekleurde woorde in jou woordeboek.

gefassineer	vasgevang	betower	entoesiasties	fanaties
toewyding	plig	lojaliteit	verbintenis	sorg
uitdagend	toets	irriterend	hinderlik	veeleisend
dissipline	wet	orde	reël	regulasie
voordeel	gewin	wins	bereik	hulp



Datum:

Jou sport, my sport, ons sport

Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

1) Op watter manier is Mignonne 'n onderwyseres "met 'n verskil"?
2) Wat sluit liggaamsbou alles in?
3) Hoe het Joseph Mkhize vir Mignonne gehelp?
4) Watter soort kos moet jy vermy as jy liggaamsbou beoefen?



Ons skryf

Wat beteken hierdie frases? Pas die frase in die linkerkantse kolom by sy betekenis in die regterkantse kolom.

tot die sweet hulle aftap	die gewigte optel
met die gewigte werk	die belangrikste om te onthou
by die patroon inval	baie sweet
die sleutelwoord	iets gemakliks begin doen





Ons skryf

Maak op papier 'n lys van al die sportsoorte wat jy ken en skryf dan die sportsoorte onder die korrekte opskrifte in die tabel.

Kontaksportsoorte	Sportsoorte waarin 'n bal gebruik word	Sportsoorte waaraan meisies en seuns kan deelneem



Ons skryf

Voltooi hierdie grafiek.

Vra vyf maats om hul gunstelingsport te kies uit die sportsoorte wat onder aan die grafiek verskyn. Vul dan die inligting op die grafiek in. Gebruik verskillende kleure vir seuns en meisies.



Beantwoord nou hierdie vrae.

Van watter sportsoorte hou die seuns die meeste?

Van watter sportsoorte hou die meisies die meeste?

Watter sportsoorte is die gewildste onder seuns en meisies?

Van watter sportsoorte hou die seuns en meisies die minste?

Datum:

Fantastiese kos

Ons lees

Wenke om gesond te bly

Om die regte kos te eet, is die beste manier om gesond te bly.

Wat is 'n goeie maaltyd? Onthou die vyf voedselgroepe. Vir 'n gesonde, gebalanseerde maaltyd moet jy iets uit elke groep kies elke keer as jy eet. As jy iets moet weglaat, probeer om dit by 'n ander maaltyd daardie dag in te sluit. Hier is die groepe, met 'n paar voorbeelde van kossoorte wat in elke groep val:

Proteïene:	Hoender, vis, vleis, eiers, grondboontjiebotter, sojabone
Suiwelprodukte:	Melk, kaas, joghurt
Vrugte en groente:	Lemoene, piesangs, aartappels, spinasie, tamaties
Graan:	Brood, mieliemeel, rys
Vette en olies:	Margarien, botter, olie

Eet 'n klein bietjie van die vette en olies en baie vrugte en groente.

Voeg vesel by jou dieet

Baie mense praat oor vesel. Vesel is belangrik in jou dieet. Vesel help jou liggaam om kos te verteer. Afvalprodukte word vinniger uitgeskei omdat vesel help om hulle af te breek. Ons kry vesel in graankos, volgraanbrood, wortels, seldery, spinasie, pampoen, appels, pere en peulgroente (bone en ertjies).

Wenke om meer vesel in jou dieet by te voeg

- Moenie vrugte soos appels afskil nie. Eet die skil want dit bevat vesel.
- Moenie aartappels en patats afskil nie. Skrop dit en eet dit met die skil.





- Eet baie slaai en rou groente.
- Eet volgraanpasta en bruinbrood in plaas van wit pasta en witbrood.
- Onverfynde mieliemeel is ook vol vesel.



Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

1) Wat is volgens die inligting wat in hierdie werksvel gegee word die beste manier om gesond te bly?
2) Watter voedselgroepe is belangrik vir 'n gesonde maaltyd?
3) Hoekom is vesel belangrik in jou dieet? Gee twee redes.

Jou ma het gevra dat jy jou skoolkos moet inpak. Vul die tabel in en sê watter drie kossoorte jy sal inpak en hoekom. Gebruik die inligting in hierdie werksvel om jou te help.

Voedselsoort	Rede



Ons skryf

Voltooi hierdie uitdrukkings deur 'n vrug se naam in te vul.

Die _____ val nie ver van die boom nie. (Iemand aard na sy of haar pa of ma.)

Dit is suur _____ . (Hy is jaloers.)

Met die gebakte _____ sit. (Die gevolge dra.)





Datum:

Meer oor Mignonne



Ons skryf Herskryf hierdie paragraaf met punktuasie (leestekens) sodat daar geen foute is nie.

Mignonne het een aand besluit om meer tyd in die gimnasium saam met joseph deur te bring sy wou meer gewigte optel sy het gedink 'n ekstra 20 kg sal maklik wees joseph het haar dopgehou moenie al die gewigte op een slag optel nie het hy gesê dit sal moeilik vir jou wees om al daardie ekstra gewig op een slag op te stoot

Ons skryf Maak 'n heerlike, gesonde volgraantoebroodjie.

Bestanddele

- Twee snye volgraanbrood
- Margarien
- Twee snye hoender
- Komkommer
- Tamatie



Skryf nou instruksies om die toebroodjie te maak. Maak seker dat die instruksies genommer is. Ons het die eerste instruksie gedoen. Voltooi die res van die instruksies.

1. Sny twee snye volgraanbrood.



Ons skryf

'n Plaaslike verslaggewer het 'n onderhoud met Mignonne gevoer. Voltooi die onderhoud deur in te vul wat jy dink Mignonne gesê het.

Verslaggewer: Wat het jou laat besluit om met liggaamsbou te begin?

Mignonne: _____

_____



Verslaggewer: Eet jy spesiale kosse?

Mignonne: _____

_____

Verslaggewer: Sou jy aanbeveel dat jong meisies liggaamsbou doen?

Mignonne: _____

_____

Verslaggewer: Dankie, Mignonne. Dit was 'n plesier om met jou te gesels.

Vir die pret

Teken hierdie diere.





Datum:

Seil oor die woeste water

Ons praat

Kyk na die nuusopskrif en die prent. Waaroor dink jy sal die artikel handel?

- Gesels met jou maat oor binnenshuise en buitenshuise sportsoorte.
- Gesels met mekaar oor watersport en sport wat op land gespeel word.
- Sal jy daarvan hou om op 'n seiljag te vaar? Sê hoekom.
- Watter eienskappe dink jy het jy nodig as jy op 'n seiljag wil seil?

Ons lees

Vaar van die KAAP na RIO

Een dag elke drie jaar kom Kaapstad se mense tot stilstand. Party mense gaan hawe toe. Ander soek 'n uitsig oor die baai op Seinheuwel. Almal wil die wegspring van die Kaap na Rio- seiljagvaart aanskou.

Vanjaar was daar een jong seiljagvaarder wat nie die wedvaart dopgehou het nie. In plaas daarvan was hy op een van die seiljagte. Carven Dickson het geskiedenis gemaak. Hy was een van die jongste mense ooit wat aan hierdie wedvaart sou deel neem.

"My oupa was 'n visserman. En my pa is 'n bootbouer. Bote was dus altyd deel van my lewe. Ons het 'n roeibootjie gehad en my pa het ons altyd op Zeekoeivlei uitgeneem," sê Carven. "Eendag het ek kinders gesien wat alleen seil. Ek het by myself gedink, as hulle kan seil, kan ek ook!"

Carven het vinnig geleer hoe om te seil. Hy het gou aan kompetisies begin deelneem en almal gewen. Die hoogtepunt van sy lewe was egter die Kaap na Rio-wedvaart.

"Ek kon dit nie glo toe die kaptein van die seiljag my bel en vra of ek wil saamgaan nie," sê Carven. "En die wedvaart was wonderlik! Daar het elke dag iets opwindends gebeur. Ons het een aand, net toe die son begin ondergaan, 'n groen flits gesien. Ons het baba-dolfyne en baie vlieënde visse gesien. Hulle het partykeer in die nag teen ons vasgeswem – doef!"

Die enigste keer dat ek bang geword het, was gedurende 'n storm. "Die deinings was verskriklik hoog – so hoog soos 'n dubbelverdiepinggebou. En ek was net een keer seesiek – die eerste dag! Die reuk van die kragopwekker het my kop duiselig gemaak en my maag laat draai."

Die boot waarop Carven was, het Rio de Janeiro aan die Brasiliaanse kus in die



tweede plek binnegevaar. Carven se bemanning het die Atlantiese Oseaan binne vyftien dae oorgesteek. "Ek was hartseer toe ons daar aankom," sê Carven met 'n glimlag. "Dit was die einde van 'n heerlike ervaring. Ek was egter ook bly om weer land te sien."



Carven is nou druk besig om te oefen vir die Wêreldkampioenskap.

Ons praat

- Hoe gereeld vind die Kaap na Rio-wedvaart plaas?
- Is die wedvaart gewild? Gee redes vir jou antwoord.
- Hoekom het Carven begin seil?
- Die uittreksel sê nie hoe oud Carven was toe hy aan die wedvaart deelgeneem het nie. Hoe oud dink jy was hy?



Ons skryf

Baie woorde kan op verskillende maniere gebruik word om verskillende dinge te beteken. Pas die ingekleurde woorde by hulle betekenisse soos hulle in die artikel oor Carven gebruik word. Skryf die ingekleurde woorde in jou woordeboek.

hoogtepunt	onderstreep	aandag trek	beste deel	beklemtoon
deinings	knoppe	bulte	opgeblaas	branders
kragopwekker	skrywer	skepper	stuk masjinerie	motor
seesiek	gesond	naar	ongelukkig	moeg vir die see
deelgeneem	teenoorgestelde	uitdaag	meegeding	teen

Datum:

Vertel Carven se storie

Ons skryf

Is Carven 'n goeie seiljagvaarder? Gee redes vir jou antwoord.

Watter wedvaart was die hoogtepunt van sy lewe?

Watter twee opwindende dinge het aan boord van die seiljag gebeur?

Ons praat

- Watter geluid beskryf die woord "doef"?
- Watter geluide beskryf die volgende woorde?

sis	
boem	
plonk	

Wanneer 'n woord 'n klank bevat wat soortgelyk is aan die geluid wat dit beskryf, noem ons dit onomatopee. (Sê dit: o/no/ma/to/pee.)

Ons lees

Lees wat Carven sê. Lees nou wat sy suster vir die verslaggewer vertel het.



Aa Bb Cc Dd Ee Ff Gg Hh Ii Jj Kk Ll Mm



Ons skryf

Carven se woorde is direkte rede.
Dit is presies wat hy gesê het. Sy suster se woorde is indirekte rede. Sy praat oor wat hy gesê het, maar sy gebruik nie sy presiese woorde nie.

Wanneer jy direkte rede in indirekte rede verander, verander die volgende woorde:

ek	hy/sy
my	sy/haar
myne	syne/hare

ons	hulle
ons s'n	hulle s'n

Werkwoorde in die teenwoordige tyd verander na die verlede tyd.
Teenwoordige tyd: nou (byvoorbeeld, is)
Verlede tyd: toe (byvoorbeeld, was)

Verander nou die volgende op jou eie na indirekte rede.





Ek kon dit nie glo toe die kaptein van die seiljag my bel en my vra of ek wil saamgaan nie.

Carven het gesê dat



Die enigste keer dat ek bang geword het, was gedurende 'n storm. En ek was net een keer seesiek!





Carven het gesê dat

Datum:

Dag vir dag



Ons lees

Dagboekinskrywings

Maandag, 12 Junie

Ek het ontbyt gehad, maar ek het 'n bietjie duiselig gevoel. Toe het ek geoefen om knope te maak (iets wat baie belangrik is as jy wil seil). 'n Storm het later in die dag opgekom, met sterk wind en baie hoë deinings. Dit was skrikwekkend en die reuk van die kragopwekker het my siek laat voel. Ons het 'n skool dolfyne en baie vlieënde visse gesien wat wat soms in die nag met 'n doefgeluid teen die boot vasgeswem het. Dit was aan die begin opwindend, maar ons het almal daaraan gewoond geraak. My vriend Samson het op die dek gegly en amper in die see beland.

Dinsdag, 13 Junie

Ek het vroeg wakker geword van die seemeeue se gekrys. Hulle wou vis eet wat op die dek beland het. Samson het hulle met 'n roeispaan verjaag. Kaptein Petersen het my beveel om die hoofseil vas te bind en om seker te maak dat al die luike toe is omdat daar nog 'n storm broei. Ons het gewag en gewag maar niks het gebeur nie, hoewel die wind baie sterk was. Ná middagete het ons al die koper blink gevryf omdat die kaptein gesê het ons is naby Rio.

Woensdag, 14 Junie

Die kaptein het seker 'n grap gemaak want ons is nie naby Rio nie. Die see is so glad soos 'n spieël en daar is geen wind nie. Dit was my beurt om in die skeepskombuis te werk, maar Samson het gesê hy sal my werk doen as ek vir hom my pet gee. Ek het twee pette gehad, dus het ek vir hom een gegee. Maar toe verander hy van plan en ek moes toe die skottelgoed was. Teen sononder het ek 'n groot wit voël gesien. Ek dink dit was 'n albatros.





Ons verstaan

Kyk na die aantekeninge oor hoe 'n dagboek van 'n storie verskil en beantwoord dan die vrae in jou klaswerkboek.

1) Wie het hierdie dagboekinskrywings gemaak?
2) Hoeveel dae dek die dagboekinskrywings?
3) Gee 'n voorbeeld uit die dagboekinskrywings van iets wat Carven oor homself vertel.





4) Gee 'n voorbeeld van iemand wat Carven in sy dagboek noem.
5) Skryf twee gebeure neer wat vroeg in die oggend plaasgevind het.
6) Skryf 'n sin uit die dagboek wat vir jou iets sê oor hoe hy gevoel het.



Ons skryf

Herskryf hierdie sinne. Vervang die onderstreepte woorde deur die regte voornaamwoorde. Gebruik die woorde in die kassies.

sy	hy	ons	hulle	hom

'n Voornaamwoord is 'n woord wat in die plek van 'n selfstandige naamwoord gebruik word.
Voorbeelde:
Die tafel is in die kombuis.
Dit is met 'n doek bedek.
Kaela se maats kom kuier. Sy is bly dat sy hulle gaan sien.

Kaptein Petersen het gedink dat kaptein Petersen die Kaap na Rio-wedvaart kan wen.

Ek het die koperdeurknoppe gevryf totdat die koperdeurknoppe geblink het.

Ek het Samson op die seiljag ontmoet en ek hou baie van Samson.

Ek en Samson het die skottelgoed gewas omdat ek en Samson kombuisdiens moes doen.

Ek het my ma geskakel sodat my ma haar nie oor my moes bekommer nie.

Datum:

Moeilikheid ter see!

Ons skryf

'n Geheime boodskap

Die bemanning het op pad Rio toe in 'n kwaai storm beland. Een van die seiljagte was in die moeilikheid omdat die mas beskadig is.
Die kaptein het 'n boodskap na jou skip toe gestuur.

Gebruik die Morsekode-alfabet om uit te werk wat hy gesê het.

Morsekode is 'n spesiale alfabet wat ontwikkel is om boodskappe te kan stuur wanneer jy nie gewone letters kan gebruik of met iemand kan praat nie. Dit word met 'n radio gestuur. Elke letter bestaan uit kolletjies en strepies (kort en lang klanke).

Morsekode-alfabet

A	• -	N	- •	0	- - - - -
B	- • • •	O	- - -	1	• - - - -
C	- • - •	P	• - - •	2	• • - - -
D	- • •	Q	- - • -	3	• • • - -
E	•	R	• - •	4	• • • • -
F	• • - •	S	• • •	5	• • • • •
G	- - •	T	-	6	- • • • •
H	• • • •	U	• • -	7	- - • • •
I	• •	V	• • • -	8	- - - • •
J	• - - -	W	• - -	9	- - - - •
K	- • -	X	- • • -	•	• - • - • -
L	• - • •	Y	- • - -	,	- - • • - -
M	- -	Z	- - • •	?	• • - - • •



Help ons, mas gebreek!

_ _ • _ _ •

_ _ _ __ _ _ _ __ • _ • _ • • • _ _ _ _ _ _ • _ • _ • •

• • • • • • _ • • • _ _ •

• • • _ _ _ • _ • _





Ons skryf

Verbeel jou dat jy op 'n seiljag was wat omgeslaan het en jy en die ander matrose is deur kaptein Petersen en sy bemanning gered.

Skryf oor jou ondervinding in jou dagboek.

Woensdag, 14 Junie





Vir die pret

Watter twee sirkels het dieselfde patroon in hulle?





Datum:

Vlugbal is pret

Ons praat

Kyk na die prent.

- Gesels oor die aktiwiteite in die prent.
- Hoe verskil hierdie aktiwiteite van julle alledaagse skoolsportaktiwiteite?
- Sou jy daarvan hou om aan een van hierdie sportsoorte deel te neem?
- Wat is die verskil tussen ekstreme sport en ander sportsoorte?
- Watter eienskappe dink jy het jy nodig as jy aan 'n ekstreme sport wil deelneem?



Ons lees

Die Houtbaai-vlugbalsterre

Dit is bedrywig op die vlugbalbaan in Houtbaai, waar seuns en meisies besig is om te oefen. Wat het hulle aan hierdie sportsoort laat deelneem?

'n Kennisgewing in die koerant

Ongeveer twee jaar gelede het die polisie 'n kennisgewing in die koerant geplaas. Hulle was bekommerd oor bendelede in die omgewing en was op soek na iemand wat die tieners in die een of ander sportsoort kon afrig.

Amanda Coetzee het die kennisgewing gesien en gebel. "Ek is 'n blanke tannie wat voorheen vlugbal gespeel het," het sy beskeie vir die polisie gesê. "Reg so," het hulle gesê. "Kom ons begin." En so het die afrigting begin.

Van verveling tot vlugbal

Die eerste dag in die skoolsaal het die seuns wat ingeslenter gekom het, verveeld gelyk. 'n Paar het egter begin belangstel en vir die ander gesê om te kom saamspeel. Amanda het maatskappye gekry om die toerusting te borg. Daar was uiteindelik twee spanne en hulle het teen spanne van Muizenberg, die Kaapse Vlakte en Khayelitsha begin speel.



'n Opkomende ster.



Hulle afrigter sê die belowendste nuwe ster is Thandi Nkomo. Sy is 11 jaar oud en het vir die provinsie se onder-14-span gespeel. Die span het ook die provinsiale eindrondte gehaal, maar is deur die Algoabaai-span verslaan.

Dit is vinnig, opwindend en groot pret.

Thandi het van hokkie na vlugbal oorgeskakel. Sy sê: "Vlugbal is vinniger en meer opwindend. Dit is groot pret."

Die Houtbaai-spanne oefen twee of drie maal per week. Maar Thandi is altyd op die baan besig om te oefen totdat die son sak. Sy doen dit omdat sy so baie daarvan hou en groot planne vir die toekoms het.



Ons praat

- Hoekom het vlugbal in Houtbaai begin?
- Was die spanne suksesvol? Gee redes vir jou antwoord.
- Het al die kinders van die idee gehou om vlugbal te speel? Gee redes vir jou antwoord.
- Hoe lank speel hulle al vlugbal?



Ons skryf

Pas die woorde by hul betekenisse. Trek 'n streep van elke woord aan die linkerkant tot by sy betekenis. Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

beskeie	baie lekker
bendelede	die goed wat nodig is vir 'n bepaalde doel of aktiwiteit
borg	lede van 'n straatbende of 'n groep gewelddadige misdadigers
toerusting	om die koste van 'n bepaalde program of projek te dra
pret	nie windmakerig of belangrik nie



Datum:

Meer oor vlugbal in Houtbaai

Ons verstaan

Kyk weer na die storie oor vlugbal en beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

1) Wat het hierdie kinders gemotiveer om vlugbal te speel?
2) Wat het die polisie gedoen om sport in hierdie gemeenskap aan te moedig? Hoekom?
3) Hoe het die afrigter daarin geslaag om die vlugbalspanne op te bou?

- Wat beteken die volgende woorde of frases?

bedrywig op die vlugbalbaan	
ingeslenter kom	
'n opkomende ster	
groot planne	

Ons skryf

Voltooi die laaste paragraaf deur te sê watter soort planne jy dink Thandi het. Skryf ten minste drie sinne.

Ons skryf

Lees wat Amanda oor vlugbal en sport sê. Skryf wat sy sê in die indirekte rede.



Ek het baie vlugbal gespeel toe ek jonger was.

Sy het gesê dat

Aa Bb Cc Dd Ee Ff Gg Hh Ii Jj Kk Ll Mm





Ons moet ons jongmense oorreed om in sport belang te stel sodat hulle fiks en gesond kan wees.

Sy het gesê dat



Ons skryf

Verbeel jou jy is 'n lid van die Houtbaai-polisie.
Skryf die kennisgewing vir iemand om te help om die kinders in Houtbaai af te rig.

AFRIGTER BENODIG



Ons skryf

Voltooi die tabel. Gebruik die prente in die werkboek om jou te help.
Skryf oor twee verskillende soorte sportaktiwiteite. Jy kan enige sport kies waarvan jy hou.

Naam van sport	
Aantal mense nodig om aan die sport deel te neem	
Toerusting benodig	
Moeilikheidsgraad: maklik, moeilik, baie moeilik	
Een reël van die sport	

Naam van sport	
Aantal mense nodig om aan die sport deel te neem	
Toerusting benodig	
Moeilikheidsgraad: maklik, moeilik, baie moeilik	
Een reël van die sport	



Datum:

Leer oor vlugbal

Ons lees



Vlugbal het 'n gewilde sportsoort vir seuns en meisies geword. Dit is 'n vinnige en opwindende spel, en jy het nie baie toerusting nodig om dit te beoefen nie. Al wat jy nodig het, is 'n bal en 'n net.

Die basiese idee van vlugbal is die volgende:

Twee spanne speel teen mekaar aan weerskante van 'n net. Hulle slaan die bal vir mekaar en as een van die kante die bal op die grond laat val, kry die ander span 'n punt. Die bal hoef nie elke keer oor die net geslaan te word nie. Elke span kan dit drie maal aan hul eie kant slaan voordat dit oor die net gaan.

Die reëls

- Die bal kan enige deel van die liggaam raak, maar dit moet van die lyf af geslaan of gebons word.
- 'n Speler mag nie die bal met sy hande vang of in sy hande vashou nie.
- Die bal mag nie op die grond val nie, en een speler mag die bal nie twee maal agtermekaar raak nie.
- Elke span mag die bal vir net drie houe aan hulle kant hou. Hulle moet dit met die derde hou oor die net kry. Die ander span kry 'n punt as:
  - iemand die bal vang en vashou
  - iemand die bal op die grond laat val
  - iemand die bal twee maal agtermekaar raak
  - 'n span die bal nie met drie houe oor die net kan kry nie.

'n Wedstryd bestaan uit drie of vyf stelle. Die span wat die meeste stelle wen, is die wenner. 'n Stel is ten minste 14 punte, en jy wen as daar 'n verskil van twee punte is, byvoorbeeld 14 – 12.



Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

1) Waar dink jy kom hierdie skryfstuk vandaan?
Kies een van die volgende en gee redes vir jou antwoord.

1. 'n Storie	2. 'n Opvoering	3. 'n Sporttydskrif

2) Gee vir die skryfstuk 'n opskrif.
3) Hoekom het vlugbal 'n gewilde sportsoort geword?
4) Wanneer teken 'n span punte aan?
5) Uit hoeveel stelle bestaan 'n vlugbalwedstryd?



Ons skryf

Hier is 'n paar woorde wat dieselfde klink maar verskillende betekenisse het. Skryf 'n sin met elkeen.

brei	steil	lei
bry	styl	ly

Ons skryf

Verbeel jou jy voer 'n onderhoud met Thandi vir jou skooltydskrif.
Voltooi die onderhoud:

Verslaggewer: Ek verstaan jy is een van die sterre van die vlugbalspan. Wat is die geheim van jou sukses?

Thandi: _____

Verslaggewer: Wat is jou planne vir die toekoms?

Thandi: _____

Datum:

Leer jouself ken

Ons skryf

Hoe goed ken jy jouself? Verbeel jou jy is 'n verslaggewer vir 'n tydskrif. Kan jy 'n verslag oor jouself skryf? Wat sal jy sê? Hier is 'n manier om jouself te leer ken. Maak 'n lysie van jou belangstellings, eienskappe, vermoëns en waardes onder elkeen van die hofies hieronder.

My belangstellings

Voorbeelde: om vlugbal te speel, te teken, te kook



My vermoëns en talente

Voorbeelde: uitstekende vleuel, goed met grappe vertel, leer oor rekenaars



My eienskappe

Voorbeelde: gee om, ekstrovert, stil, lewendig



My waardes

Voorbeelde: eerlikheid, betroubaarheid, harde werk



Ons skryf

Skryf ses kort wenke vir fiks bly. Moenie vergeet om hulle te nommer nie. Gee vir jou skryfstuk 'n opskrif.

Vir die pret

Die vlugbalspan



Vier meisies wat lede van die Houtbaai-vlugbalspan is: Sheena, Debra, Olivia en Nathi. Gebruik die feite hieronder om te besluit wie is wie en wat elkeen dra. Kleur die prent met die kleure in die beskrywings in. Skryf dan die naam van elke meisie onder haar prent.

- Sheena is langer as Nathi. Debra is effens korter as Nathi en Olivia is die langste van almal.
- Sheena dra blou jeans, 'n wit hemp en 'n rooi mus.
- Debra dra pers jeans en 'n donkerblou hemp.
- Olivia dra wit jeans, 'n geel bostuk en 'n donkergroen serp.
- Nathi dra 'n swart rok met wit kolletjies.

Sheena het lang gevlegde swart hare, Debra se rooi hare is kort, Olivia se bruin hare is skouerlengte en is reguit gemaak, en Nathi se kort swart hare is met klein kraletjies gevleg.

Ons lees

Edith Moetsi – gimnas en tuimelaar

deur Dani Moeng



Matte is langs die muur van die gimnasium by die Kultuursentrum in Polokwane uitgesit. Aan die een kant van die vloer is 'n hoë balk. 'n Springplank en 'n perd staan aan die ander kant. Hoog in die lug is 'n jong meisie besig om deur die lug te tol. Haar naam is Edith Moetsi.

Hierdie gimnasium is al sedert 2001 deel van Edith se lewe. Sy het verander van 'n 11-jarige meisie met drome en geen opleiding nie in 'n gimnas en tuimelaar wat aan internasionale kompetisies deelneem.

"Ek het 'n paar weke nadat die Polokwane-gimnasium geopen het, begin oefen," sê Edith. "Ek wou gimnastiek doen omdat ek moeg was daarvan om rond te lê en nie veel te doen nie."

Edith se afrigter het haar afrigting begin deur vir haar wawiele te laat doen en op die wipmat te laat spring. Sy het egter gou begin met bollemakiesies en flik-flakke. Edith loop nooit 'n oefening mis nie tensy sy besig is om vir die eksamen te leer.

Vandag neem Edith dwarsoor die wêreld deel – Hongarye, Nieu-Seeland en Holland.

Edith het ook as 'n nasionale tuimelbeoordelaar en as 'n beoordelaar vir vrouegimnaste vir die Limpopo-provinsie gekwalifiseer.

Sy het in 2008 gematrikuleer en beplan om argitektuur (ontwerp van geboue) aan 'n universiteit te bestudeer. "Ek het egter so 'n blink toekoms as tuimelaar

dat ek dalk 'n rukkie sal wag voordat ek universiteit toe gaan," sê sy.

Edith is ook 'n belowende kunstenaar en musikant. Sy het toekennings vir haar sketse ontvang en in haar hoërskoolorkes gespeel. "Dit laat my goed voel om in staat te wees om te kan doen wat ek wil," sê sy. "Ek het nooit gedink ek sal so ver vorder nie. Ek het met gimnastiek begin vir die pret daarvan. My sukses is te danke aan harde werk."



Ons praat

- Hoe het Edith se lewe verander sedert sy met gimnastiek begin het?
- Hoekom het sy met gimnastiek begin?
- Benewens die feit dat sy 'n goeie gimnas is, watter ander talente het sy?
- Wat dink sy is die hoofrede vir haar sukses?

Ons skryf

Plaas hierdie woorde in alfabetiese volgorde.

Nommer die eerste kolom van 1 tot 6, die tweede kolom van 7 tot 12 en die derde kolom van 13 tot 18.

(Op hierdie manier kan jy al 18 woorde in alfabetiese volgorde kry. Dit sal egter nie waar wees as jy die kolomme omruil nie. Weet jy hoekom?)

	balk
	belowende
	bestudeer
	beplan
	beoordelaar
	begin

	tol
	tuimelaar
	toekennings
	toekoms
	tot
	tensy

	vandag
	vloer
	voordat
	verander
	voel
	vrouegimnaste

Datum:

Sport in die nuus

Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

1) Kyk weer na die storie oor Edith. Hoekom is die opskrif in groot vetgedrukte letters geskryf?
2) Hoekom dink jy verskyn Edith se naam aan die einde van die eerste paragraaf en nie aan die begin nie?
3) Wie het die artikel geskryf?
4) Waar dink jy sal jy hierdie soort artikel kry? Hoekom sê jy so?

1. Koerant	2. Storieboek	3. Digbundel

Skryf 'n paragraaf wat wys hoe Edith ontwikkel het vandat sy by die gimnasium begin het totdat sy 'n beoordelaar geword het. Skryf drie sinne.

Ons skryf

Voltooi die vergelykings.



Voorbeeld:

Brenda spring hoog in die lug.
Ja, maar Dudu spring hoër.
En Edith spring die hoogste.

My lig is helder.	Jou	Haar
Enver is siek.	Annie	James
Sbu is lank.	Thabo	Nomsa
Jan is kort.	Reza	Bongi
Die struik is groen.	Die boom	Die gras



Ons skryf

Kyk na die hoofopskrifte hieronder.

1. Pas die sportsoort by die koerantopskrif. Gebruik die sportsoorte hieronder.

sokker	krieket	rektouspring	rugby	vlieg

2. Verbeel jou jy moet 'n koerantartikel vir elkeen van die hoofopskrifte skryf.
   Skryf die hoofsin vir elke artikel. Die hoofsin vertel vir jou waaroor die artikel handel.
   Dit gee die belangrikste feite.



Voorbeeld:

Opskrif: **MTHEMBU BREEK NAELLOOPREKORD**

Sport: Atletiek

Hoofsin: Naelloopkampioen Mthembu het gisteraand in Port Elizabeth die Suid-Afrikaanse 100 meter-naellooprekord by die Suid-Afrikaanse Kampioenskap verbeter.

PAALTJIES VAL OP EERSTE DAG

Sport:

Hoofsin:

RACHEL MOKER HAAR PAD TOT BY WIMBLEDON-HALFEINDSTRYD OOP

Sport:

Hoofsin:

SPRONG VAN BRUG AF IS 'N REKORD

Sport:

Hoofsin:

Ons skryf

Onderstreep al die werkwoorde in die opskrifte hierbo.
Skryf nou afsonderlike sinne deur hierdie werkwoorde te gebruik.

Datum:

Dis jou beurt om 'n verslaggewer te wees

Ons lees

Talent

Aan sport deelgeneem op skool
Baie gelees, maar gedruip
Sokker gespeel, maar misluk
Wat moet ek dus doen?

Ek het al die sportsoorte probeer
Maar misluk
Sportaktiwiteite
A! My talent is bekend
Onder my klasmaats.

My onderwysers sê vir my
Ek praat te veel
Geraas is my talent
Sien, niemand is sonder 'n
talent nie!

Ben Mnguni



Ons verstaan

Beantwoord die vrae in jou klaswerkboek.

1) Was die digter suksesvol in sport? Gee redes vir jou antwoord.
2) Was hy suksesvol in die klaskamer? Gee redes vir jou antwoord.
3) Watter talent het hy?
4) Sal jou onderwyser saamstem dat Ben 'n talent het? Gee redes vir jou antwoord.
5) Dink sy klasmaats hy is talentvol? Gee redes vir jou antwoord.

Ons skryf

Hier is 'n paar woorde wat dieselfde klink maar verskillende betekenisse het.
Skryf 'n kort sin vir elkeen van die woordpare.

vyl	pyl	reik
feil	peil	ryk



1)

2)

3)

4)

5)

6)



Ons skryf



Skryf 'n artikel vir jou skoolkoerant oor 'n sportgebeurtenis wat jy bygewoon het. Maak seker dat jou artikel die volgende bevat:

- 'n Opskrif wat in groot letters geskryf is
- 'n Baie kort beskrywing van die sportgebeurtenis

Skryf 'n sin aan die einde wat sê hoe jy oor die gebeurtenis gevoel het.

Dit moet die volgende inligting bevat:
Wat die gebeurtenis was
Wie gespeel het
Wanneer hulle gespeel het
Waar hulle gespeel het
Hoe goed hulle gespeel het
Wat die uitslag was





Datum:

Help Edith om geld vir kinders in te samel

Kom ons skryf Oefen leestekens deur die blokkiesraaisel in te vul.



Leidrade dwars:

3. Dis nie regverdig nie! Hoekom is ek altyd laaste?
4. Waar daar 'n lys is, is ek altyd daar om dinge uitmekaar te hou. Ek laat jou asem skep as die sin baie lank is.
5. Het jy ekstra inligting? Jy sal ons moet gebruik (enkelvoud).

Aa Bb Cc Dd Ee Ff Gg Hh Ii Jj Kk Ll Mm



Leidrade af:

1. Ons is _____ tekens. Ons sê vir jou dat iemand praat.
2. Ek word gebruik om 'n woord te beklemtoon of by die skryf van 'n vreemde woord, gewoonlik 'n Franse woord.
4. As ek daar is, is daar moontlik 'n lys wat volg.
6. Ek is die hoof _____ . Ek staan tog altyd eerste en is selfs soms in die middel van die sin ook!
8. Ek is 'n _____ teken. Ek maak die woord korter en wys daar is 'n letter uitgelaat.



Ons skryf

Edith Moetsi is nie net 'n talenvolle gimnas en musikant nie, sy is ook 'n kunstenaar. Sy het besluit om 'n uitstalling van haar kuns by jou skool te hou om fondse in te samel vir die Sonskyn-kinderhuis. Sy het jou gevra om vir haar 'n plakkaat te ontwerp.

Kyk na die wenke en die voorbeeld van 'n plakkaat vir een van Edith se konserte en teken dan jou plakkaat vir haar kunsuitstalling op 'n groot vel papier of wit karton.

Wenke om 'n plakkaat te maak

- Maak jou plakkaat so groot moontlik.
- Hou die skrif so groot moontlik sodat mense dit maklik kan lees.
- Gebruik so min woorde moontlik – moenie volsinne gebruik nie.
- Kleur jou plakkaat in om aandag te trek.
- Moenie te veel woorde en afbeeldings op jou plakkaat sit nie.





Vir die pret

Kyk na die prente. Daar is tien verskille tussen hulle. Soek die verskille en omkring hulle in die prent aan die regterkant.





Antwoorde dwars: 3. punt 4. komma 5. hakies

Antwoorde af: 1. aanhalingstekens 2. akuut 4. dubbelpunt 6. hoofletter 8. afkappingsteken

Teacher

Date:

Sign:

Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

My woordeboek



A a



B b



C c



D d



My woordeboek



E e



F f



G g



H h



Nn Oo Pp Qq Rr Ss Tt Uu Vv Ww Xx Yy Zz

My woordeboek



I

i



J

j



K

k



L

l

My woordeboek



M m



N n



O o



P p

My woordeboek



Q q



R r



S s



T t



My woordeboek



U u



V v



W w



X x



My woordeboek

Y y

Z z





































name:

book 1:

book 2:

book 3:

book 4:

book 5:

book 6:

book 7:



name:

ook 1:

ook 2:

ook 3:

ook 4:

ook 5:

ook 6:

ook 7: